
LOVE GOD GREATLY AFRIKAANS JOERNAAL



# LYDENSTYD

'N SEISOEN OM NADER AAN GOD TE KOM

*LYDENSTYD: 'N SEISOEN OM NADER AAN GOD TE KOM*

Kopiereg © 2024 deur Love God Greatly Bediening

Toestemming word verleen om hierdie dokument te druk en te herproduseer vir die doel om die *Lydenstyd: 'n Seisoen om Nader aan God te Kom* aanlyn Bybelstudie te voltooi. Moet asseblief nie hierdie dokument op enige manier verander nie. Alle regte voorbehou. Gepubliseer in Dallas deur Love God Greatly.

AFRIKAANS

WANNEER VROUE
TOEGERUS IS MET DIE
KENNIS VAN GOD SE
WAARHEID, WORD DIE
WÊRELD VERANDER,
EEN VROU OP 'N SLAG.

## INHOUD


*003* WELKOM

*004* INLIGTING OOR LGG

*005* ONS MISSIE

*006* SOAP BYBELSTUDIE METODE

*009* GETUIENIS

*010* WÊRELDWYE BEDIENING

*011* KEN HIERDIE WAARHEDE

*014* INLEIDING

*015* LEESPLAN

*017* DOELWITTE

*019* WEEK 1

*042* WEEK 2

*065* WEEK 3

*088* WEEK 4

*111* WEEK 5

*135* WEEK 6

*162* SLUIT BY ONS AAN

*163* VIR JOU

*Vir Jou*

IS DAAR
GEBID; DIT IS
GEEN TOEVAL
DAT JY AAN
HIERDIE STUDIE
DEELNEEM NIE.

## W E L K O M !

Ons is verheug dat jy besluit het om by ons aan te sluit vir hierdie Bybelstudie! Weet dat daar vir jou gebid is; dit is geen toeval dat jy aan hierdie studie deelneem nie.

Ons gebed vir jou is eenvoudig: dat jy nader aan God sal groei soos jy jouself daagliks in sy Woord verdiep! Voordat jy begin om die aangewese Bybelverse vir die dag te lees, bid en vra God om jou te help om dit te verstaan. Vra Hom om deur sy Woord met jou te praat. Luister dan. Glo dat Hy getrou sal wees om tot jou te spreek. Wees getrou om te luister en te gehoorsaam.

Neem tyd om die verse oor en oor te lees. Die Bybel leer vir ons dat wanneer ons wysheid soek soos ons silwer sou soek, en dit opspoor soos 'n verborge skat, dan sal ons weet hoe om die Here te dien en sal ons ontdek wat dit is om God te ken. (Spr. 2:4-5)

Almal van ons hier by Love God Greatly kan nie wag vir jou om te begin nie, en ons hoop om jou by die wenstreep te sien. Volhard, druk deur; moenie opgee nie! Eindig sterk met dít waarmee jy vandag begin.

Ons sal elke tree van die pad hier wees om jou aan te moedig! Ons is met jou. Kom ons sien wat God vir ons wil openbaar in hierdie studie. Reis saam met ons soos ons leer om God heelhartig met ons lewens lief te hê!

# OOR LGG

Love God Greatly bestaan om vroue reg oor die wêreld te inspireer, aan te moedig en toe te rus om God heelhartig lief te hê met hulle lewens.

Ons wil vroue INSPIREER om God se Woord 'n prioriteit te maak in hulle daaglikse lewens, deur middel van ons Bybelstudie hulpbronne.

Ons wil vroue AANMOEDIG in hulle daaglikse lewenswandel met God, deur middel van 'n aanlyn gemeenskap en persoonlike aanspreeklikheid.

Ons wil vroue TOERUS om in hulle geloof te groei, sodat hulle effektief ander mense vir Christus kan bereik.

Ons begin met 'n eenvoudige Bybelleesplan, maar dit eindig nie daar nie. Sommige vroue kom bymekaar in hulle huise en plaaslike kerke, terwyl ander aanlyn met vroue reg oor die wêreld inskakel. Watter metode ookal gebruik word, ons vou liefdevol ons arms om mekaar en verenig vir hierdie doel: om God heelhartig met ons lewens lief te hê.

By Love God Greatly sal jy ware, lewensegte vroue vind. Vroue wat minder van mekaar, en baie meer van Jesus begeer. Vroue wat daarna smag om God deur sy Woord te ken, want ons weet dat Waarheid ons hervorm en vrymaak. Vroue wat beter is wanneer hulle saam is, versadig in God se Woord en in 'n gemeenskap met mekaar.

*JY SAL VROUE VIND WAT ONVOLMAAK EN TOG VERGEWE IS.*

Love God Greatly is 'n 501 (C) (3) nie-winsgewende organisasie. Bevondsing vir Love God Greatly kom van donasies en opbrengste van ons aanlyn Bybelstudie joernale en boeke. Ons Engelse joernale en boeke kan op lovegodgreatly.com gekoop word. Ouer studies en joernale vir kinders kan op Amazon gekoop word.

Love God Greatly is toegewyd om kwaliteit Bybelstudiemateriaal te voorsien en glo dat finansies nooit in die pad moet staan van enige vrou om te kan deelneem aan een van ons Bybelstudies nie. Al ons studies kan op lovegodgreatly.com afgelaai word. Bybelstudies in Afrikaans kan afgelaai word by lovegodgreatly.com/Afrikaans. Fisiese boeke kan gekoop word op Amazon.

Een-honderd persent van die opbrengs gaan direk terug in die ondersteuning van Love God Greatly en help ons om vrouens reg oor die wêreld te inspireer, aan te moedig en toe te rus met God se Woord.

Arm-in-arm en hand-in-hand, kom ons doen dit saam.

# ONS MISSIE

## DIE BEHOEFTE

Biljoene vroue reg oor die wêreld het nie toegang tot God se Woord in hul eie moedertaal nie. Diegene wat wel 'n Bybel in hul eie taal het, het nie altyd Bybelstudiemateriaal wat spesiaal vir vroue ontwikkel is nie.

## DIE MISSIE

Love God Greatly bied Bybelstudies in meer as 40 tale aan. Ons rus sendelinge, Christelike organisasies, plaaslike kerke en vroue op 'n ongeëwenaarde wyse toe met God se Woord, deur toe te laat dat ons joernale gratis van ons internasionale webblaaie afgelaai kan word.

Deur die Bybel in hul eie taal te bestudeer met eensgesinde vroue, leer vroue meer oor God se Woord en word hulle daarmee toegerus.

Ons glo dat wanneer vroue God se Woord lees, dit toepas op hul lewens en God se onveranderende liefde vir hulle met ope arms aanneem, is die wêreld 'n beter plek. Ons weet dat een vrou wat God se Woord lees, 'n verandering kan bring in haar familie, haar gemeenskap en haar land... een vrou op 'n slag.

## SLUIT BY ONS AAN

Ons wil graag hê dat jy by ons aansluit in ons missie om alle vroue oor die wêreld die geleentheid te bied om toegang te hê tot God se Woord en kwaliteit Bybelstudiehulpbronne! Stuur gerus vir ons 'n e-pos of besoek ons aanlyn indien jy enige vrae het of meer inligting benodig. Ons hoor graag van jou!

INFO@LOVEGODGREATLY.COM
LOVEGODGREATLY.COM

## SOAP

*Bybelstudiemetode*

By Love God Greatly, glo ons dat God se Woord lewend en aktief is. Die woorde van die Skrif is kragtig en effektief en toepaslik vir lewe in alle tye en alle kulture. Om die Bybel korrek te interpreteer moet ons 'n begrip hê van die konteks en die kultuur van die oorspronklike geskrifte.

Ons gebruik die SOAP Bybelstudie metode wanneer ons die Bybel bestudeer. Dit staan vir Scripture, Observation, Application, and Prayer (Skrifgedeelte, Waarneming, Toepassing en Gebed). Dit is een ding om eenvoudig die Skrif te lees. Wanneer jy interaksie het met die Woord, doelbewus jou tyd neem om werklik daaroor na te dink, begin waarhede vir jou uitstaan. Die SOAP metode maak dit vir jou moontlik om dieper in die Bybel te delf en meer te sien as wanneer jy net die verse lees. Dit help ons om nie net te hoor wat die Woord sê nie, maar om te doen wat die Woord sê (Jak. 1:22).


*OM DIE BYBEL TE LEES IS NIE 'N VERSPILLING VAN TYD NIE. GOD SE WOORD IS LEWEND, KRAGTIG EN EFFEKTIEF, EN HY SPREEK TOT ONS DAARDEUR.*

In hierdie studiegids lees ons 'n Skrifgedeelte en pas dan die SOAP metode toe op spesifieke verse. Hierdie metode help ons om 'n beter begrip van die Bybel te kry, wat ons dan toelaat om dit effektief in ons lewens toe te pas.

Die mees belangrike bestanddele van die SOAP metode is jou interaksie met God se Woord en jou toepassing daarvan in jou lewe. Neem jou tyd om dit nougeset te bestudeer, en om die waarheid van God se karakter en sy hart vir die wêreld te ontdek.

**SOAP**

*Bybelstudiemetode*



**SOAP**

WEEK 1 • MAANDAG

SOAP / *Openbaring 12:10, 2 Tessalonisense 3:3*

SCRIPTURE / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

Openbaring 12:10

Toe het ek 'n stem in die hemel gehoor wat hard uitgeroep het: "Nou het ons God die redding gebring, nou is sy mag en koninskap hier, en die gesag van die Gesalfde! Die aanklaer van ons medegelowiges is uit die hemel uit gegooi, hy wat hulle dag en nag voor ons God aangekla het."

2 Tessalonisense 3:3

Die Here is getrou; Hy sal Julle versterk en Julle van die Bose bewaar.

OBSERVATION / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

Harde stem, kragtig

Ons word daagliks aangekla - konstante stryd

Die Here sal my help, versterk en bewaar.

Hy is altyd daar.

Hy is konstant, 'n beskermer in my lewe, bewaarder

32

S

STAAN VIR SCRIPTURE (SKRIFGEDEELTE)

*Skryf die SOAP vers neer.*

*Jy sal verbaas wees oor wat God aan jou sal openbaar wanneer jy rustig tyd neem om dít wat jy lees, neer te skryf!*


O

STAAN VIR OBSERVATION (WAARNEMING)

*Wat sien jy in die verse wat jy lees?*

*Wie is die gehoor vir wie hierdie geskryf is? Is daar 'n herhaling van woorde?*

*Watter woorde staan vir jou uit?*



APPLICATION / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

Herinner myself dat God se krag sterker is as enige iets anders.

Memoriseer hierdie verse en sê dit hardop elke dag hierdie week.

Vra God om my geloof in Hom te versterk.

Vertrou God dat Hy my van die bose sal bewaar.

Bid vir my broers en susters in Christus.

PRAYER / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

Dierbare Here,

Dankie dat U konstant, getrou en liefdevol teenoor my is. Help my om daagliks en deur moeilike tye my vertroue en geloof in U te verdiep.

Help my om te weet dat U altyd by my is om my te beskerm.

Herinner my aan ander se lyding en help my om hulle in hul groei te bemoedig.

Ek vra dit alles in Jesus se naam.

Amen.

33

## A STAAN VIR APPLICATION (TOEPASSING)

*Dit is waar God se Woord persoonlik word.*

*Wat sê God vandag vir jou? Hoe kan jy dít wat jy nou net gelees het, toepas in jou eie lewe?*

*Watter veranderinge moet jy maak? Is daar iets wat jy moet doen?*

## P STAAN VIR PRAYER (GEBED)

*Bid God se Woord terug na Hom.*

*Spandeer tyd om Hom te dank.*

*Indien Hy iets aan jou geopenbaar het tydens hierdie tyd in sy Woord, bid daaroor.*

*Indien Hy sonde in jou lewe geopenbaar het, bely dit.*

*En onthou, Hy het jou innig lief.*

HOOGTEPUNTE VAN ONS WÊRELDWYE BEDIENING

# GETUIENIS

*LGG Afrikaans Tak*

‘n Paar jaar gelede is my man ‘n fantastiese werksgeleentheid aangebied in wat ons as “die beloofde land” beskou het. Sy werkgewer het my ook ‘n pos belowe. Dit was werklik ‘n droom wat waar geword het.

Jesaja 43 het by my opgekom. Op daardie tydstip het dit vir my soos ‘n bevestiging gevoel dat God alles nuut sou maak. Verderaan staan daar egter die Here sal jou deur die woestyn teruglei na jou geboorteland.

Klaarblyklik vergeet ons altyd die gedeelte dat ons deur die woestyn moet gaan om daar uit te kom. Tot my teleurstelling het my werksgeleentheid nie gematerialiseer nie. Ek en my man het kort voor lank ons spaargeld opgebruik. Toe is my pa oorlede en ek sit ver van die huis af en mis my familie. Hierdie verhuising het op die ou end allesbehalwe soos my “Beloofde Land” geblyk te wees.

‘n Paar dae later het die eienaar van ons huurhuis aan my deur geklop om die huurgeld in te vorder en my in kennis te stel dat ons vier dae agterstallig was. Tot my verbasing vertel die huiseienaar my toe watter uitwerking dit op haar kindertyd gehad het toe ‘n sakevennoot haar pa verkul het. Sy was so goedhartig om ons van die huurooreenkoms vry te stel, en ons kon toe goedkoper verblyf kry. Tydens hierdie laagste punt, verleë oor ons keuses en gebroke deur verlies, het God barmhartigheid, hoop en vergifnis deur Hom aan ons betoon.

Vandag kan ek getuig dat God ons so liefhet dat Hy ons altyd keuses gee. Na talle probleme wat ons verhuising tot gevolg gehad het, het ons teruggekeer na Suid-Afrika. Ek weet nou Suid-Afrika is ons beloofde land. Ek kies om elke dag in dankbaarheid te leef en te blom waar ek geplant is. As jy foute begaan, glo in tweede kanse. God se arms is altyd wawyd oop.

*AS JY FOUTE BEGAAN, GLO IN TWEEDE KANSE. GOD SE ARMS IS ALTYD WAWYD OOP.*

Om my vir oulaas aan God se goedheid te herinner, kom ek ‘n paar jaar later af op die Love God Greatly Afrikaans Bybelstudies op Facebook en ek wonder toe of ek kon help. Ek was oorstelp van vreugde toe ek hoor dat ek as ‘n vertaler en skrywer gekeur is. Hierdie geleentheid was regtig ‘n geskenk van God want ek kon ‘n droom van my pa voortsit en dit waar maak. My pa was ‘n begaafde skrywer maar hy kon nooit sy droom najaag nie. Na sy dood en tydens ons oorsese ervaring, het ek besef ek sou graag my eie passie vir skryf wou ontgin en daardeur my pa se droom eer. Om Love God Greatly in hierdie hoedanigheid te dien het my nie net gehelp nie, maar God het dit ook gebruik om my te genees. Deur my skryfwerk kan ek ook ander vroue help, iets waarop my pa trots sou gewees het.

Tersia

*LGG Afrikaans Tak*

HOOGTEPUNTE VAN ONS
WÊRELDWYE BEDIENING

# WÊRELDWYE BEDIENING

*LGG Afrikaans Tak*

## KEN JY IEMAND WAT ONS LOVE GOD GREATLY BYBELSTUDIES IN AFRIKAANS KAN GEBRUIK?

Indien wel, vertel hulle van LGG Afrikaans en al die ongelooflike Bybelstudiehulpbronne wat ons voorsien om hulle te help toerus met God se Woord!

---

## OM MET HIERDIE TAK IN AANRAKING TE KOM:

Email: ask@lovegodgreatly.com

Website: lovegodgreatly.com/afrikaans

Facebook: Love God Greatly Afrikaans

Instagram: lovegodgreatlyafrikaans

---

## HOE KAN JY VIR HIERDIE TAK BID?

- Vir ‘n plaaslike drukker wat die joernale makliker bekombaar kan maak
- Vir ‘n grafiese ontwerper
- Vir meer dames om groepe te fasiliteer
- Dat God die studies sal gebruik om vroue te help om in hulle geloof te groei en ‘n impak te maak in hulle gemeenskappe

---

## SAL JY GRAAG WIL HELP?

info@lovegodgreatly.com

## KEN HIERDIE WAARHEDE

### *GOD HET JOU LIEF*

God se Woord sê, "God het die wêreld so liefgehad dat Hy sy enigste Seun gegee het, sodat dié wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie, maar die ewige lewe sal hê" (Joh. 3:16).

### *ONS SONDE SKEI ONS VAN GOD*

Ons is almal van nature en deur keuses sondaars, en as gevolg van dit is ons geskei van God, wat heilig is. God se Woord sê, "Almal het gesondig, en het nie deel aan die heerlikheid van God nie" (Rom. 3:23).

### *JESUS HET GESTERF SODAT JY LEWE KAN HÊ*

Die gevolg van sonde is die dood, maar God se gratis geskenk van verlossing is aan ons beskikbaar. Jesus het die straf vir ons sonde gedra toe Hy aan die kruis gesterf het.

God se Woord sê, "Die loon wat die sonde gee, is die dood; die genadegawe wat God gee, is die ewige lewe in Christus" (Rom. 6:23); "Maar God bewys sy liefde vir ons juis hierin dat Christus vir ons gesterf het toe ons nog sondaars was" (Rom. 5:8).

### *JESUS LEEF!*

Die dood kon Hom nie vashou nie, en drie dae nadat Sy liggaam in die graf geplaas is, het Hy opgestaan, en sonde en die dood vir ewig oorwin! Hy leef vandag in die hemel en is besig om 'n plek in die ewigheid voor te berei vir almal wat in Hom glo.

Jesus sê, "In die huis van my Vader is daar baie woonplek. As dit nie so was nie, sou Ek nie vir julle gesê het Ek gaan om vir julle plek gereed te maak nie. En as ek gegaan het en vir julle plek gereed gemaak het, kom Ek terug en sal julle na My toe neem, sodat julle ook kan wees waar Ek is" (Joh. 14:2-3).

*WEET DAT JY VERGEWE KAN WORD*

Om Jesus as jou Verlosser te aanvaar gaan nie oor wat jy kan doen nie, maar eerder om geloof te hê in wat Jesus alreeds gedoen het. Dit verg dat jy herken dat jy ‘n sondaar is, dat jy glo dat Jesus vir jou sondes gesterf het, en dat jy vergifnis vra, deur jou volle vertroue te plaas in Jesus se werk aan die kruis om jou onthalwe.

God se Woord sê, “As jy met jou mond bely dat Jesus die Here is, en met jou hart glo dat God Hom uit die dood opgewek het, sal jy gered word. Met die hart glo ons, en word ons vrygespreek; en met die mond bely ons, en ons word gered” (Rom. 10:9-10).

*NEEM JESUS SE GRATIS GESKENK VAN VERLOSSING AAN*

Hoe lyk dit prakties? Met ‘n opregte hart kan jy ‘n eenvoudige gebed soos hierdie bid:

Jesus,
Ek weet dat ek ‘n sondaar is. Ek wil nie nog ‘n dag leef sonder om u liefde en vergifnis met ope arms aan te neem nie. Ek vra vir u vergifnis. Ek glo dat U vir my sondes gesterf het en uit die dood opgestaan het. Ek gee alles wat ek is oor, en vra U om die Here van my lewe te wees. Help my om weg te draai van my sonde en U te volg. Leer my om te weet wat dit beteken om in vryheid te wandel soos ek onder u genade leef, en help my om te groei in u weë, soos ek daarna streef om U beter te ken.
Amen.

*SKAKEL IN EN GROEI*

As jy nou net hierdie gebed gebid het (of iets soortgelyks in jou eie woorde), sal ons graag met jou wil kontak maak.

Jy kan vir ons ‘n e-pos stuur by info@lovegodgreatly.com. Ons wil dit graag saam met jou vier, saam met jou bid en jou help om met ‘n plaaslike kerk in aanraking te kom. Ons is hier om jou aan te moedig soos jy jou nuwe lewe as ‘n kind van God begin.

# Kom Ons Begin

## LYDENSTYD

*'n Seisoen om Nader aan God te Kom*

# Inleiding

Lydenstyd is ‘n seisoen. Dis ‘n seisoen van leegmaak, prysgee, skoonmaak en selfs sterf. Lydenstyd is ‘n seisoen waartydens ons droefheid uitspreek oor Christus se dood en die rede vir sy dood: ons sonde. Hierdie periode van veertig dae reflekteer ander belangrike periodes in die Skrif, insluitende die 40 dae van reën wat Noag ervaar het tydens die vloed, die 40 jare wat die Israeliete in die woestyn geswerf het en die 40 dae wat Jesus in die wildernis gevas het.

Lydenstyd is ‘n tyd wanneer ons doelgerig stop en ruimte in ons lewens skep vir ons verhouding met God. Ons lewens is dikwels so vol aktiwiteite en ons liggame so vol van kos dat ons geen ruimte het vir God nie. Lydenstyd gee ons egter elke jaar ‘n doelgerigte seisoen om daardie ruimte beskikbaar te maak.

Alhoewel ons studie ses weke lank is, dek Lydenstyd ‘n periode wat ‘n bietjie langer is. Lydenstyd begin op Aswoensdag en duur tot Paassondag. Vir sewe weke lank reflekteer ons oor wat dit beteken om onsself leeg te maak, sodat ons met Christus gevul kan word. Tradisioneel is die bedoeling dat daar gedurende die week vir ses dae gevas word, met Sondag as ‘n feesdag. Hierdie gebruik herinner ons dat, terwyl ons fokus op die hartseer van Christus se dood en die rede daarvoor, kan ons ook vier dat Hy reeds die oorwinning behaal het deur sy dood en opstanding.

In aanloop tot Paasfees, gaan ons in die volgende ses weke sommige van die tradisionele temas van Lydenstyd bestudeer. Dit sluit vas, vul, bekering, liefdadigheid en die drie dae voor Paassondag in. Wanneer ons vas, fokus ons daarop om dinge wat ons aflei en dinge wat ons van God af wegtrek, te verwyder. Dan fokus ons daarop om die ruimte wat ons geskep het, te vul met die lees van die Bybel, gebed en ander geestelike dissiplines. Ons sal bekering beoefen en die belangrikheid daarvan begryp en die vryheid wat daardeur kom. Soos ons op liefdadigheid fokus, sal ons sien hoe geloof gewys word wanneer ons gee en dat dit verteenwoordig hoe ons onsself leegmaak om met Christus gevul te word. Laastens sal ons die drie dae voor Paassondag bestudeer, waar ons sal fokus op die donkerte wat deur ons sonde veroorsaak is en hoe ons vier wat Jesus vir ons gedoen het.

*KOM ONS NEEM DEEL AAN HIERDIE EEUE-OUE TRADISIE VAN NABETRAGTING OOR EN DIE VIERING VAN DIE LEWE, STERWE EN OPSTANDING VAN JESUS CHRISTUS.*

Soos ons in hierdie seisoen van die Lydenstyd inwandel, kom ons open ons harte om te sien wat God vir ons wil leer. Kom ons neem deel aan hierdie eeue-oue tradisie van nabetragting oor en die viering van die lewe, sterwe en opstanding van Jesus Christus.

Merk dit af

## LEESPLAN

**WEEK 1 / VAS**

○ *Maandag / Vir die Evangelie*
Lees: Matteus 6:16–18; Markus 8:31–38
SOAP: Markus 8:34–35

○ *Dinsdag / Vir 'n Doel*
Lees: Jesaja 58:3–9
SOAP: Jesaja 58:6

○ *Woensdag / Om God te Eer*
Lees: Psalm 1; Joël 2:12–14; 1 Korintiërs 10:31
SOAP: 1 Korintiërs 10:31

○ *Donderdag / Vir Bediening*
Lees: Jona 3:5–9; Lukas 2:36–38
SOAP: Jona 3:5; Lukas 2:36b–37

○ *Vrydag / Dit is Nou die Tyd*
Lees: Lukas 5:33–35
SOAP: Lukas 5:35

**WEEK 2 / VUL**

○ *Maandag / Vul met Gebed*
Lees: Matteus 6:6; Lukas 5:15–16
SOAP: Matteus 6:6

○ *Dinsdag / Vul met die Skrif*
Lees: Eksodus 34:27–28; Romeine 10:17; 15:4
SOAP: Romeine 15:4

○ *Woensdag / Vul met Wysheid*
Lees: Daniël 1:3–17; Jakobus 1:5
SOAP: Jakobus 1:5

○ *Donderdag / Vul met die Heilige Gees*
Lees: Lukas 4:1–15; 2 Korintiërs 3:17; Romeine 8:26
SOAP: 2 Korintiërs 3:17

○ *Vrydag / Vul met Vrymoedigheid*
Lees: Ester 4; Psalm 138:3
SOAP: Psalm 138:3

**WEEK 3 / BEKERING**

- O *Maandag / Soek God se Genade*
  Lees: Psalm 51
  SOAP: Psalm 51:3-4
- O *Dinsdag / God Begeer Bekering*
  Lees: Romeine 2:4; 2 Korintiërs 7:10; 2 Petrus 3:9
  SOAP: 2 Korintiërs 7:10
- O *Woensdag / Die Seën van Bekering*
  Lees: 2 Kronieke 7:14; Handelinge 2:38; 1 Johannes 1:9
  SOAP: 1 Johannes 1:9
- O *Donderdag / Blydskap in die Hemel*
  Lees: Lukas 15:1–10
  SOAP: Lukas 15:7
- O *Vrydag / Die Seën van Belydenis*
  Lees: Psalm 32
  SOAP: Psalm 32:5

**WEEK 4 / LIEFDADIGHEID**

- O *Maandag / Geen Waarde in Rykdom nie*
  Lees: Psalm 49; Matteus 6:19–21
  SOAP: Matteus 6:19–21
- O *Dinsdag / God Voorsien*
  Lees: Lukas 12:13–34
  SOAP: Lukas 12:29–30
- O *Woensdag / Alles Wat Sy Besit*
  Lees: Spreuke 3:27; 28:27; Markus 12:41–44
  SOAP: Markus 12:43–44
- O *Donderdag / Gee in Oorvloed*
  Lees: Lukas 6:38; 2 Korintiërs 9:7
  SOAP: 2 Korintiërs 9:7
- O *Vrydag / God Onthou*
  Lees: Psalm 20:4; Spreuke 19:17; Hebreërs 13:16
  SOAP: Hebreërs 13:16

**WEEK 5 / DIE DRIE DAE VOOR PAASSONDAG**

- ○ *Maandag / Uit die Dieptes*
  Lees: Psalm 30
  SOAP: Psalm 30:3-4
- ○ *Dinsdag / In die Vis*
  Lees: Jona 2
  SOAP: Jona 2:2
- ○ *Woensdag / Uit die Graf*
  Lees: Johannes 11:1–44
  SOAP: Johannes 11:25–26
- ○ *Donderdag / 'n Seun Terugverwelkom*
  Lees: Lukas 15:11–32
  SOAP: Lukas 15:23–24
- ○ *Vrydag / Nooit Verlaat Nie*
  Lees: Psalm 22
  SOAP: Psalm 22:20

**WEEK 6 / HEILIGE WEEK**

- ○ *Maandag / Palm Sondag*
  Lees: Lukas 19:28–44
  SOAP: Lukas 19:38
- ○ *Dinsdag / Donderdag*
  Lees: Johannes 13
  SOAP: Johannes 13:34–35
- ○ *Woensdag / Goeie Vrydag*
  Lees: Johannes 18:1—19:42
  SOAP: Johannes 19:30
- ○ *Donderdag / Saterdag*
  Lees: Matteus 27:62–66
  SOAP: Matteus 27:66
- ○ *Vrydag / Paassondag*
  Lees: Johannes 20:1–18; 1 Korintiërs 15:3–5
  SOAP: 1 Korintiërs 15:3–5

## JOU DOELWITTE

*Skryf drie doelwitte neer waarop jy graag wil fokus elke dag wanneer jy God se Woord bestudeer. Maak seker dat jy gedurende die volgende paar weke terugverwys na hierdie doelwitte om jou te help om gefokus te bly. Jy kan dit doen!*

*EEN*

………………………………………………………………………………………………………………

………………………………………………………………………………………………………………

………………………………………………………………………………………………………………

………………………………………………………………………………………………………………

………………………………………………………………………………………………………………

………………………………………………………………………………………………………………

………………………………………………………………………………………………………………

*TWEE*

………………………………………………………………………………………………………………

………………………………………………………………………………………………………………

………………………………………………………………………………………………………………

………………………………………………………………………………………………………………

………………………………………………………………………………………………………………

………………………………………………………………………………………………………………

………………………………………………………………………………………………………………

*DRIE*

………………………………………………………………………………………………………………

………………………………………………………………………………………………………………

………………………………………………………………………………………………………………

………………………………………………………………………………………………………………

………………………………………………………………………………………………………………

………………………………………………………………………………………………………………

………………………………………………………………………………………………………………

*Jesus het toe die menigte mense saam met sy dissipels nader geroep en vir hulle gesê: "As iemand agter My aan wil kom, moet hy homself verloën, sy kruis opneem en My volg, want wie sy lewe vir homself wil behou, sal dit verloor; maar wie sy lewe vir My en die evangelie verloor, sal dit behou."*

*Markus 8:34–35*

## BID

*Skryf jou gebedsversoeke en lofprysings vir die week neer.*

..................................................................................................................................................

..................................................................................................................................................

..................................................................................................................................................

..................................................................................................................................................

..................................................................................................................................................

..................................................................................................................................................

..................................................................................................................................................

..................................................................................................................................................

..................................................................................................................................................

..................................................................................................................................................

..................................................................................................................................................

..................................................................................................................................................

..................................................................................................................................................

## WEEKLIKSE UITDAGINGS

*Hierdie week bestudeer ons wat vas is. Terwyl vas tradisioneel vir kos bedoel was, is daar baie ander dinge waarvan ons kan vas. Kies hierdie week iets waarvan jy vir die res van die Lydenstyd gaan afsien. Dit kan 'n volledige of 'n gedeeltelike vas wees. Vra God om jou te wys waarvan jy moet vas onderwyl jy in hierdie seisoen jou hart in lyn met Syne wil bring.*

..................................................................................................................................................

..................................................................................................................................................

..................................................................................................................................................

..................................................................................................................................................

..................................................................................................................................................

..................................................................................................................................................

..................................................................................................................................................

..................................................................................................................................................

## LEES

*Week 1 • Maandag*

*Matteus 6:16-18*

"As julle vas, moet julle nie soos skynheiliges met lang gesigte rondloop nie. Hulle mismaak hulle gesigte sodat die mense kan sien dat hulle vas. Dit verseker Ek julle: Hulle het hulle beloning klaar weg. 17 Nee, as jy vas, versorg jou hare en was jou gesig 18 sodat niemand kan sien dat jy vas nie, behalwe jou Vader wat jy nie kan sien nie. Jou Vader wat sien wat verborge is, sal jou beloon."

*Markus 8:31-38*

Jesus het hulle toe begin leer dat die Seun van die mens baie moet ly, dat Hy deur die familiehoofde en die priesterhoofde en die skrifgeleerdes verwerp moet word en doodgemaak moet word, en drie dae later moet opstaan. 32 Hy het met hulle hieroor reguit gepraat. Toe het Petrus Hom opsy geneem en Hom begin berispe. 33 Hy het egter omgedraai, na sy dissipels gekyk en vir Petrus berispe. "Moenie in my pad staan nie, Satan," het Hy gesê, "want jy dink nie aan wat God wil hê nie maar aan wat die mense wil hê." 34 Jesus het toe die menigte mense saam met sy dissipels nader geroep en vir hulle gesê: "As iemand agter My aan wil kom, moet hy homself verloën, sy kruis opneem en My volg, 35 want wie sy lewe vir homself wil behou, sal dit verloor; maar wie sy lewe vir My en die evangelie verloor, sal dit behou. 36 Wat help dit 'n mens tog om die hele wêreld as wins te verkry en sy lewe te verloor? 37 Wat sal 'n mens kan gee in ruil vir sy lewe? 38 Wie hom dan vir My en my woorde skaam te midde van hierdie ontroue en sondige geslag, vir hom sal die Seun van die mens Hom ook skaam wanneer Hy kom saam met die heilige engele, en beklee is met dieselfde heerlikheid as sy Vader."

## SOAP

*Week 1 • Maandag*

SOAP / *Markus 8:34–35*

SCRIPTURE / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

OBSERVATION / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 1 • Maandag*

### SOAP

*Markus 8:34–35*

*Jesus het toe die menigte mense saam met sy dissipels nader geroep en vir hulle gesê: "As iemand agter My aan wil kom, moet hy homself verloën, sy kruis opneem en My volg, want wie sy lewe vir homself wil behou, sal dit verloor, maar wie sy lewe vir My en die evangelie verloor, sal dit behou.*

### OORDENKING

Dis nie 'n maklike ding om te vas nie. Om te vas beteken dat jy jouself doelbewus ontken om op God te fokus. Dit word tipies gedoen deur jou van kos te ontsê. Alhoewel daar baie tipes van vas is, is die Bybelse doel van vas om fisiese behoeftes te ontsê, sodat mens op Christus kan fokus, sowel as om meer waaksaam en bewus te wees van geestelike dinge.

As gelowiges in Christus probeer ons om meer soos Hy te wees. Tydens die Lydenstyd kan ons onthou hoe Jesus in die wildernis gevas het deur die onthouding van kos, sekere aktiwiteite of ander plesiere. Deur dit te doen, is die doel nie om gesien te word as meer geestelik of heilig nie, maar om meer bewus te word van die werk van die Heilige Gees in ons en van die heiligheid van God. Die hoofdoel van vas is om in staat te wees om meer op God te fokus omdat ons die afleidings wat ons fokus van Hom af haal, verwyder.

Jesus het sy volgelinge vertel dat, om Hom waarlik te volg, moet hulle hulsef verloën. Om dit te doen moet ons gewillig wees om dinge uit ons lewens te verwyder wat ons aflei en van Hom af wegtrek. Om te vas is nie maklik nie, maar dit is 'n gebruik en 'n dissipline om ons te help fokus op wat waarlik belangrik is. Vas is een manier hoe ons onsself verloën en Hom volg.

Soos ons ons harte voorberei om hierdie seisoen Paasfees te vier, vra God om daardie afleidings aan jou te openbaar. Wees dapper en vrymoedig, maak 'n voorneme om wat jy ookal uit jou lewe moet verwyder, te verwyder. Vas hoef nie vir ewig te wees nie, maar die doel is om ons aardse begeertes te ontsê en te herken dat Jesus die enigste een is wat waarlik vir ons vervulling kan bring. Wanneer ons dit erken, sal ons die lewe vind wat Hy belowe.

## LEES

*Week 1 • Dinsdag*

*Jesaja 58:3-9*

Hulle vra: “Waarom vas ons, maar U sien dit nie, verootmoedig ons ons, maar U
gee nie aandag daaraan nie?” Dit is omdat julle op die vasdae doen wat julle wil
en die mense wat vir julle werk, nog harder laat werk. 4 Julle vasdae loop uit op
twis en rusie, julle dam mekaar met die vuis by. Julle kan nie op hierdie manier
vas en dan verwag dat julle gebed verhoor sal word in die hemel nie. 5 Is dit ál
wat Ek op ‘n vasdag wil hê: net dat ‘n mens homself verneder, dat hy sy nek buig
soos ‘n biesie en in sak en as sit? Noem jy dít ‘n vasdag, ‘n dag waarvan die Here
hou? 6 Is die vas wat Ek wil hê, nie dít nie: om dié wat onregverdig gevange
gehou word, te bevry, om die juk wat op mense druk, af te haal, om verdruktes
vry te maak, om elke juk te breek? 7 Is dit nie dat jy vir dié wat honger is, van jou
brood gee nie, dat jy aan die armes en die dakloses ‘n blyplek gee nie, dat wanneer
jy iemand sonder klere sien, jy vir hom klere gee nie, dat jy jou medemens nie
aan sy lot oorlaat nie? 8 Dan sal die lig vir jou deurbreek soos die rooidag, jy sal
gou herstel. Hy wat jou red, sal voor jou uit gaan, die mag van die Here sal agter
jou aankom. 9 Dan sal jy roep, en die Here sal antwoord, jy sal om hulp roep, en
Hy sal sê: Hier is Ek! As jy sorg dat mense nie meer by jou verdruk word nie, nie
meer gedreig en vals beskuldig word nie,

**S O A P**

*Week 1 • Dinsdag*

**SOAP** / *Jesaja 58:6*

**SCRIPTURE** / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

**OBSERVATION** / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 1 • Dinsdag*

**SOAP**

*Jesaja 58:6*

*Is die vas wat Ek wil hê, nie dit nie: om dié wat onregverdig gevange gehou word, te bevry, om die juk wat op mense druk, af te haal, om verdruktes vry te maak, om elke juk te breek?*

**OORDENKING**

Die profeet Jesaja het diens gedoen aan die nasie van Juda voor, tydens en na hul ballingskap in Babilon. Die mense se harte het verhard teenoor die dinge van God. Alhoewel hulle steeds sommige van die voorskrifte en wette wat God hulle gegee het nagekom het, was hulle harte ver van Hom af.

Die mense het geweeklag omdat God hulle nie raakgesien het wanneer hulle gevas het nie. Hulle het gedink dat hulle aksie van vas genoeg was om God se toorn van hulle af weg te draai. Maar hulle harte was ver van God af. Hul motivering om te vas was nie bekering nie, maar om hul selfsug te bevredig.

Wat vir God belangrik is, is ons harte. Alhoewel ons in staat mag wees om ons te onderwerp aan die dissipline van vas, wat die belangrikste is, is dat ons harte eerlik is teenoor God wanneer ons vas. Wanneer ons kos of ander noodsaaklikhede vir onsself ontsê sodat ons die ruimte kan skep om geestelike dinge na te streef en meer tyd saam met Jesus te spandeer, is ons harte op die regte plek.

Die doel van vas is om onsself te verloën sodat ons heiliggemaak of meer soos Christus gemaak kan word. As ons vas ons trots maak, ons beter as ander laat voel, of veroorsaak dat ander struikel, mis ons die doel. God wil hê dat ons nederige, berouvolle harte het wat ten doel het om Hom te behaag wanneer ons onsself verloën.

God is nie daarop uit om ons skade aan te doen nie en Hy beveel ook nie aan dat ons onsself streng of onrealisties moet verloën nie. Wat vir Hom belangrik is, is ons harte. ‘n Vier ure lange vas met ons harte in die regte plek is vir God meer werd as ‘n veertig dae vas met die verkeerde bedoelinge. Kom ons wees ‘n gemeenskap wat vas met God se bedoelinge: om die juk wat op mense druk, af te haal, om verdruktes vry te maak, om elke juk te breek.

## LEES

*Week 1 • Woensdag*

*Psalm 1*

Dit gaan goed met die mens wat nie die raad van goddeloses volg nie, nie met sondaars omgaan en met ligsinniges saamspan nie, 2 maar wat in die woord van die Here sy vreugde vind, dit dag en nag oordink. 3 Hy is soos 'n boom wat by waterstrome geplant is, wat op die regte tyd vrugte dra en waarvan die blare nie verdroog nie. Hy is voorspoedig in alles wat hy aanpak. 4 So is die goddeloses nie. Hulle is soos kaf wat deur die wind uitmekaar gewaai word. 5 Daarom sal goddeloses hulle nie kan handhaaf wanneer die Here oor hulle oordeel nie en sondaars nie 'n plek hê in die vergadering van regverdiges nie. 6 Waarlik, die Here lei die regverdiges op hulle pad, maar die pad van die goddeloses lei tot ondergang.

*Joël 2:12-14*

Maar nou sê die Here: Kom met julle hele hart terug na My toe, vas, huil en treur! 13 Skeur julle harte, nie julle klere nie. Kom terug na die Here julle God toe: Hy is genadig en barmhartig; Hy is lankmoedig en vol liefde. Hy is bereid om straf te herroep. 14 Wie weet of Hy nie die straf sal herroep nie; of Hy nie weer voorspoed sal gee nie sodat daar weer graan- en drankoffers sal wees vir die Here julle God!

*1 Korintiërs 10:31*

Of julle eet en of julle drink of wat julle ook al doen, doen alles tot eer van God.

## SOAP

*Week 1 • Woensdag*

**SOAP** / *1 Korintiërs 10:31*
**SCRIPTURE** / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

**OBSERVATION** / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

# DAGSTUKKIE

*Week 1 • Woensdag*

## SOAP

*1 Korintiërs 10:31*

*Of julle eet en of julle drink of wat julle ook al doen, doen alles tot eer van God.*

## OORDENKING

As ons gelowiges in Christus is, is die doel van ons lewens om God te eer. Ons lewens moet aan ander sy liefde, deernis en genade wys, sowel as sy heiligheid, geregtigheid en barmhartigheid. Vas is een van die dissiplines waaraan ons kan deelneem om meer te leer oor wie God is en sy plan vir ons lewens.

Vas herinner ons dat ons nie in staat is om onsself te onderhou nie. Alhoewel ons kos nodig het om fisies te oorleef, is God die Een wat ons waarlik onderhou. Hy is soos die strome van water wat 'n boom voed. Hy gee wat ons nodig het, wanneer ons dit nodig het.

Deur te vas, herken ons dat ons enigste lewensmiddele van God af kom. Dit open ons oë om te sien dat Hy alleen voorsien in elke behoefte van ons, of dit fisies, verstandelik, emosioneel, geestelik of in terme van verhoudings is. Hy gebruik dikwels ander middele om hierdie behoeftes te vervul, soos kos, bemoediging, gemeenskap, sy Woord of familie, maar Hy is uiteindelik die voorsiening. Wanneer ons vas, sien ons hoe leeg en swak ons is sonder sy sorg en voorsiening.

Vas herinner ons aan God se karakter, want, sonder afleidings kan ons beter ons behoefte aan God en hoe sondig ons harte sonder Hom is, herken. Ons kan staatmaak op sy barmhartigheid en deernis om ons te onderhou, in plaas van om ons vertroue in mense of dinge te plaas.

Wat ons dus ookal doen, of dit vas of feesvier is, mag ons harte gefokus wees daarop om God die eer te bring. Ons hele doel is om Hom te eer, om in Hom gewortel te bly soos 'n boom by strome water. Kom ons hou aan om na Hom te kyk om alles wat ons benodig, te voorsien.

## LEES

*Week 1 • Donderdag*

*Jona 3:5-9*

Die mense van Nineve het toe in God geglo en hulle het ‘n dag aangekondig om te vas. Groot en klein het rouklere aangetrek. 6 Die berig het ook by die koning van Nineve uitgekom. Hy het van sy troon af opgestaan en sy koningsklere uitgetrek, rouklere aangetrek en op ‘n ashoop gaan sit. 7 Hy het in Nineve laat proklameer: “Die koning en sy raadgewers beveel dat mens en dier, grootvee en kleinvee, aan niks mag proe nie, dat hulle niks mag eet en nie water mag drink nie. 8 Mens en dier moet rouklere aanhê, en die mense moet ernstig tot God roep en hulle van hulle verkeerde dade bekeer en berou hê oor die geweld wat hulle gepleeg het. 9 Miskien sal God van plan verander en nie meer kwaad wees nie. Dan sal ons nie omkom nie.”

*Lukas 2:36-38*

Daar was ook ‘n profetes, Anna, ‘n dogter van Fanuel uit die stam Aser. Sy was al baie oud. As jong vrou was sy sewe jaar getroud, en na haar man se dood 37 het sy weduwee gebly. Sy was nou al vier en tagtig jaar oud. Sy het nie van die tempel af weggebly nie en het God dag en nag gedien deur te vas en te bid. 38 Juis op daardie oomblik het sy nader gekom en God gedank en oor die Kindjie gepraat met almal wat na die verlossing van Jerusalem uitgesien het.

## SOAP

*Week 1 • Donderdag*

**SOAP** / *Jona 3:5; Lukas 2:36b–37*
**SCRIPTURE** / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

**OBSERVATION** / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 1 • Donderdag*

### SOAP

*Jona 3:5; Lukas 2:36b-37*

*Die mense van Nineve het toe in God geglo en hulle het 'n dag aangekondig om te vas. Groot en klein het rouklere aangetrek.*

*As jong vrou was sy sewe jaar getroud, en na haar man se dood het sy weduwee gebly. Sy was nou al vier en tagtig jaar oud. Sy het nie van die tempel af weggebly nie en het God dag en nag gedien deur te vas en te bid.*

### OORDENKING

Hierdie week het ons gekyk hoe om te vas 'n persoonlike dissipline is. Ons het gesien dat om te vas ons harte in lyn met God bring en ruimte maak vir Hom om in ons lewens te werk. Om te vas is egter nie net 'n persoonlike geestelike dissipline nie. Om te vas kan ander mense wat God in ons lewens geplaas het, seën en vas kan 'n manier wees om God saam met ander gelowiges te aanbid.

Kort nadat Jesus gebore is, het sy ouers Hom na Jerusalem geneem om besny te word. Daar het hulle 'n vrou met die naam Anna ontmoet. Sy was 'n weduwee en was vier en tagtig jaar oud. Sy het die grootste deel van haar lewe by die tempel deurgebring en God aanbid, gevas en gebid. Haar dissipline en toewyding aan God en aan geestelike dissiplines soos om te vas, het haar in staat gestel om te luister en te reageer op God se stem. Toe Maria, Josef en Jesus arriveer, het sy hulle en diegene rondom hulle geseën deur te profeteer wie Jesus was.

Toe Jona die stad Nineve besoek het, het hy hulle gewaarsku oor God se komende oordeel. Die mense het gereageer en hulle bekeer. Hulle het dadelik gevas en rouklere aangetrek en gehoop dat God hulle bekering sou raaksien en dat Hy nie meer toornig sal wees nie. Om te vas was 'n manier hoe die mense van Nineve hulle harte in lyn met God gebring het. Hulle het die boosheid in hulle harte raakgesien en dit verwyder. Hulle vas was 'n fisiese verteenwoordiging van hul geestelike realiteit.

Ons vas moenie wees om af te wys teenoor ander, of om hulle te beïndruk nie. Die resultaat van ons naderbeweging aan God wanneer ons vas, sal diegene rondom ons bemoedig. Wanneer ons harte in lyn is met God se doel, wanneer ons motivering om te vas is om te groei in ons verhouding met God, kan Hy ons harte vul met sy liefde vir ander en ons 'n seën maak op maniere wat ons nie kan sien of weet nie. Vra God om in jou lewe te werk sodat jy diegene rondom jou vandag kan seën en bemoedig.

**LEES**

*Week 1 • Vrydag*

*Lukas 5:33-35*

Die mense sê toe vir Jesus: "Die volgelinge van Johannes vas dikwels en onderhou gereelde gebedstye, en so ook die volgelinge van die Fariseërs, en u dissipels eet en drink maar." 34 Toe sê Jesus vir hulle: "Kan julle dan die bruilofsgaste laat vas terwyl die bruidegom by hulle is? 35 Daar sal 'n tyd kom wanneer die bruidegom van hulle weggeneem sal word en dan, in daardie dae, sal hulle vas."

## SOAP

*Week 1 • Vrydag*

SOAP / *Lukas 5:35*

SCRIPTURE / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

OBSERVATION / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

# DAGSTUKKIE

*Week 1 • Vrydag*

## SOAP

*Lukas 5:35*

*"Daar sal 'n tyd kom wanneer die bruidegom van hulle weggeneem sal word en dan, in daardie dae, sal hulle vas."*

## OORDENKING

Jesus is baie vrae oor vas gevra. Die beoefening van vas was alreeds 'n algemene geestelike praktyk onder die Jode en ook ander volke (soos in Nineve in gister se Skriflesing). Soos met baie ander praktyke, het die Joodse godsdiensleiers egter 'n verwronge en verdraaide betekenis aangaande vas gehad. In plaas daarvan om God te eer, het vas 'n manier geraak om vir ander te wys hoe geestelik hulle was.

In 'n poging om Jesus vas te trek, het die godsdiensleiers Hom oor vas uitgevra. Johannes se dissipels het dikwels gevas, en die godsdiensleiers wou weet waarom Jesus se volgelinge nie ook vas nie. Jesus se antwoord gee egter vir ons 'n duidelike riglyn van hoe ons vas behoort te benader.

Toe Jesus by sy dissipels was, het hulle nie nodig gehad om te vas nie. Maar aangesien Jesus nou nie fisies by ons is nie, omdat Hy die taak van sy eerste koms afgehandel het en besig is om gereed te maak vir sy wederkoms, vas ons.

Vas herinner ons dat ons niks is sonder God nie. Dit verhoog ons verlange na die ewigheid en herinner ons om te besef hoe leeg ons sonder Hom is. Ons vas en bid met 'n opregte verlange dat Hy alles sal kom herstel en verlos.

Dit is nou die tyd om te vas. Dit is nou die tyd om ons harte na ons Opgestane Verlosser te draai. Dit is nou die tyd om sy liefde, ontferming, deernis en genade te onthou. Dit is nou die tyd om te onthou dat ons niks sonder Hom is nie. En dit is nou die tyd om te onthou en mekaar te herinner aan God se ongelooflike genade en die oorwinning wat ons in Hom het!

## OORDENKING

*Week 1*

1. *Vra vir God om vir jou te wys of daar iets in jou lewe is wat jou van Hom af wegtrek. Wat is die dinge wat Hy vir jou wys?*

.......................................................................................................................................

.......................................................................................................................................

.......................................................................................................................................

2. *Wat is die doel van vas?*

.......................................................................................................................................

.......................................................................................................................................

.......................................................................................................................................

3. *Hoe wys vas vir ons of herinner ons aan God se karakter?*

.......................................................................................................................................

.......................................................................................................................................

.......................................................................................................................................

4. *Hoe bemoedig vas ander? Hoekom is korporatiewe vas belangrik in die liggaam van Christus?*

.......................................................................................................................................

.......................................................................................................................................

.......................................................................................................................................

5. *Hoekom is dit nou die tyd om te vas? Hoekom het Jesus se dissipels nie gevas toe Hy nie by hulle was nie?*

.......................................................................................................................................

.......................................................................................................................................

.......................................................................................................................................

As een van julle
wysheid kortkom,
moet hy dit van
God bid, en
Hy sal dit aan
hom gee, want
God gee aan
almal sonder
voorbehoud en
sonder verwyt.

Jakobus 1:5

## BID

*Skryf jou gebedsversoeke en lofprysings vir die week neer.*

## WEEKLIKSE UITDAGINGS

*Vas is bedoel om ons lewens leeg te maak van afleidings, maar om effektief te wees moet ons hierdie ruimte vul met die dinge van God. Neem hierdie week tyd om doebewus die ruimte wat jy geskep het te vul met gebed, die Skrif, om wysheid te soek, om gevul te word deur die Heilige Gees en om God te vra vir vrymoedigheid.*

## LEES

*Week 2 • Maandag*

*Matteus 6:6*

Nee, as jy bid, gaan na jou kamer toe, maak die deur toe en bid tot jou Vader wat jy nie kan sien nie. Jou Vader wat sien wat verborge is, sal jou beloon.

*Lukas 5:15-16*

Tog het die nuus oor Hom nog verder versprei, en groot menigtes het saamgedrom om na Hom te luister en van hulle siektes genees te word. 16 Maar Hy het Hom altyd weer in eensame plekke afgesonder om daar te bid.

## SOAP

*Week 2 • Maandag*

SOAP / *Matteus 6:6*
SCRIPTURE / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

OBSERVATION / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 2 • Maandag*

### SOAP

*Matteus 6:6*

*Nee, as jy bid, gaan na jou kamer toe, maak die deur toe en bid tot jou Vader wat jy nie kan sien nie. Jou Vader wat sien wat verborge is, sal jou beloon.*

### OORDENKING

Laas week het ons bestudeer hoe om te vas en waarom dit so ‘n belangrike geestelike praktyk tydens die Lydenstyd en daarna is. Die bedoeling met vas is om ons leeg te maak, maar hoe ons daardie leegte vul, moet doelbewus wees. Indien ons nie nougeset en bewustelik vas nie, kan ons maklik daardie plek wat ons leeggemaak het, met wêreldse afleidings vul.

Vas is bedoel om die dinge wat ons aandag aflei en ons van God af wegtrek, weg te neem sodat ons in die plek daarvan vol van Hom kan raak. Hierdie week gaan ons kyk wat ons kan doen om onsself vol te maak met die dinge van God.

Jesus gee vir ons ‘n wonderlike voorbeeld van hoe ons ons lewens met gebed kan volmaak. Al was Hy voortdurend besig met sy bediening, het Hy dikwels tyd afgestaan om Hom in die woestyn af te sonder en te bid. Ons weet dat Jesus vir veertig dae in die woestyn gevas het voordat Hy deur die satan versoek is (meer daaroor oor ‘n paar dae), maar Hy het ook sy tyd met gebed gevul.

Gebed is hoe ons met God kommunikeer, nie net om ons behoeftes aan Hom bekend te maak nie. Namate ons in ons wandel met Hom groei, sal Hy ons harte, ons passies en ons begeertes rig. Vas help ons om op God te konsentreer en afleidings uit te sny. Deur sy Woord leer ons meer oor wie Hy is, en deur gebed vra ons Hom vir leiding en om vir ons koers aan te dui. Vas neem afleidings weg sodat ons uitsluitlik op God kan fokus en in ons wandel met Hom kan groei terwyl ons tyd in gebed deurbring.

## LEES

*Week 2 • Dinsdag*

*Eksodus 34:27-28*

Die Here het vir Moses gesê: "Teken al hierdie gebooie op, want hierop berus my verbond met jou en Israel." 28 Moses was veertig dae en nagte by die Here. In dié tyd het Moses geen kos geëet of water gedrink nie. Hy het die verbondsbepalings, die tien gebooie, op die plat klippe geskryf.

*Romeine 10:17*

Die geloof kom dus deur die prediking wat 'n mens hoor, en die prediking wat ons hoor, is die verkondiging van Christus.

*Romeine 15:4*

Alles wat vooraf in die Skrif opgeteken is, is tog opgeteken om ons te leer sodat ons deur die standvastigheid en bemoediging wat die Skrif ons gee, vol hoop kan wees.

## SOAP

*Week 2 • Dinsdag*

**SOAP** / *Romeine 15:4*
**SCRIPTURE** / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

**OBSERVATION** / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION /** *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER /** *Skryf ‘n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 2 • Dinsdag*

### SOAP

*Romeine 15:4*

*Alles wat vooraf in die Skrif opgeteken is, is tog opgeteken om ons te leer sodat ons deur die standvastigheid en bemoediging wat die Skrif ons gee, vol hoop kan wees.*

### OORDENKING

Watter gawe om in 'n tyd te kan leef waar ons toegang tot God se geskrewe Woord het! Dit was nie altyd vir God se volk beskore nie. Toe Moses die kliptafels op berg Sinai ontvang het, was dit die eerste keer dat God sy woorde fisies vir sy volk neergeskryf het.

Vir eeue het God se volk net in 'n sinagoge of tempel toegang tot sy geskrewe Woord gehad. Die mense het by die tempel, en later die sinagoges, bymekaargekom om te luister hoe sy Woord hardop voorgelees is. Selfs toe die Christendom versprei het, het God se mense bymekaargekom om sy Woord te hoor. Eers ná die uitvinding van die drukpers in 1439 het die Skrif vir die massas beskikbaar geraak.

God wil hê ons moet vol van sy Woord wees. Om toegang tot die Bybel te hê soos ons deesdae het, is 'n voorreg en 'n ontsaglike groot seën. Die feit dat die Skrif maklik bereikbaar is, beteken egter nog nie dat ons onsself daarmee gevul het nie. Wanneer ons vas, verwyder ons die dinge wat ons aandag aflei en skep ons ruimte om ons in God se Woord te verdiep.

Wat kan jy vandag doen om meer van God se Woord in jou lewe in te bring? Kan jy dit tydens aandete hardop saam met jou gesin lees? Kan jy 'n vers memoriseer? Kan jy tussen jou daaglikse bedrywighede deur na 'n klankopname van die Skrif luister? Kom ons vul ons lewens bewustelik met die waarheid, met die Woord van God, wat geskryf is om ons te leer en te bemoedig, en om ons hoop te gee terwyl ons deur ons daaglikse stryd volhard.

## LEES

*Week 2 • Woensdag*

*Daniël 1:3-17*

Die koning het vir Aspenas, sy hoofpaleisbeampte, beveel om uit die Israeliete jongmanne na die paleis toe te bring, uit die koninklike geslag en uit die geslag van vername mense. 4 Die jongmanne moes sonder liggaamsgebrek wees, mooi, toegerus met kennis, verstandig, bekwaam en in staat om in die paleis diens te doen. Hulle moes onderrig word in die Galdeërs se skrif en taal. 5 Die koning het bepaal dat hulle ‘n daaglikse porsie van sy kos en wyn moet ontvang en dat hulle drie jaar lank opgelei moet word. Daarna moet hulle in diens van die koning tree. 6 Onder hierdie Judeërs was daar Daniël, Gananja, Misael en Asarja, 7 maar die hoofpaleisbeampte het vir hulle ander name gegee: Daniël is Beltsasar genoem, Gananja Sadrag, Misael Mesag en Asarja Abednego. 8 Daniël het hom voorgeneem om hom nie met die koning se kos en wyn te verontreinig nie en hy het die hoofpaleisbeampte vergunning gevra om dit nie te gebruik nie. 9 God het die hoofpaleisbeampte gunstig en simpatiek gestem teenoor Daniël. 10 Maar hy het vir Daniël gesê: “Ek is bang vir die koning. Hy het bepaal wat julle moet eet en drink en as hy sien julle voorkoms is nie so goed soos dié van die ander jongmanne van julle ouderdom nie, is ek oor julle in die moeilikheid by hom.” 11 Toe sê Daniël vir die amptenaar wat deur die hoofpaleisbeampte aangestel is om toesig te hou oor Daniël, Gananja, Misael en Asarja: 12 “Maak asseblief tien dae lank ‘n proefneming met ons en laat hulle vir ons net groente gee om te eet en water om te drink. 13 Vergelyk dan ons voorkoms met dié van die jongmanne wat van die koning se kos eet, en handel dan met ons na bevind van sake.” 14 Die amptenaar het toe hulle versoek toegestaan en tien dae lank ‘n proefneming met hulle gemaak. 15 Ná tien dae het hulle mooier en gesonder daar uitgesien as die jongmanne wat van die koning se kos geëet het. 16 Toe het die amptenaar die koning se kos en wyn vir goed van hulle af weggehou en vir hulle net groente gegee. 17 God het aan hierdie vier jongmanne verstand gegee en insig in alles wat geskryf is, en ook wysheid. Daniël kon enige gesig of droom uitlê.

*Jakobus 1:5*

As een van julle wysheid kortkom, moet hy dit van God bid,en Hy sal dit aan Hom gee, want God gee aan almal sonder voorbehoud en sonder verwyt.

## SOAP

*Week 2 • Woensdag*

SOAP / *Jakobus 1:5*

SCRIPTURE / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

OBSERVATION / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION /** *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER /** *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

# DAGSTUKKIE

*Week 2 • Woensdag*

## SOAP

*Jakobus 1:5*

*As een van julle wysheid kortkom, moet hy dit van God bid,en Hy sal dit aan Hom gee, want God gee aan almal sonder voorbehoud en sonder verwyt.*

## OORDENKING

Toe Daniël en die ander prinse na Babilon toe gestuur is, is hulle toegewys aan die koning se diens. Dit het beteken dat hulle koninklike kos gekry het om te eet, sowel as ‘n oorvloed wyn. Omdat Daniël en sy vriende egter vir God wou eer, het hulle gevra om net groente bedien te word.

Daniël en die ander jong manne het gevas van die kos van die koning. In plaas van om hulself te vul met wat die wêreld gehad het om te bied, het hulle getrou gebly aan God se gebooie en het hulle geweier om enige kos wat God as onrein beskou het, te eet. Hulle het gevas van hierdie dinge en deur dit te doen, is hulle gevul met wysheid en onderskeidingsvermoë soos hulle begin het met hierdie nuwe lewe van diens in Babilon. Hulle weiering om hierdie kos te eet het gewys dat Hulle God hoër geag het as mense en hulle wou Hom meer gehoorsaam as wat hulle die koning wou gehoorsaam.

God wil graag vir sy mense wysheid gee. Wanneer ons wysheid benodig, is al wat ons moet doen net om te vra, en Hy beloof om dit mildelik te gee. Maar met daardie wysheid moet daar ook gehoorsaamheid kom. As ons God vra vir wysheid, moet ons ook gewillig wees om te volg waarheen daardie wysheid lei, selfs al is dit nie maklik nie.

Wanneer ons vas is wysheid een van die dinge waarvoor ons ruimte maak. Soos ons die afleidings van die wêreld wegneem, mag ons besef dat die dinge wat wonderlik blyk te gewees het, ons inderdaad siek maak. God gee ons genadiglik wysheid sodat ons kan weet wat die beste is en ons met onderskeidingsvermoë kan leef. In watter area van jou lewe benodig jy wysheid? Vra God vandag om jou die wysheid te gee wat jy benodig en om getrou te wees om te gehoorsaam en te volg waarheen dit lei.

## LEES

*Week 2 • Donderdag*

*Lukas 4:1-15*

Jesus het vol van die Heilige Gees van die Jordaan af teruggekom, en deur die Gees is Hy na die woestyn toe gelei, 2 waar Hy veertig dae lank deur die duiwel versoek is. Die hele tyd het Hy niks geëet nie, sodat Hy aan die einde daarvan honger was. 3 Die duiwel sê toe vir Hom: "As U die Seun van God is, sê vir hierdie klip dit moet brood word." 4 Maar Jesus antwoord hom: "Daar is geskrywe: 'n Mens leef nie net van brood nie. " 5 Daarna bring die duiwel Hom op 'n hoogte en wys Hom in 'n oogwink al die koninkryke van die wêreld. 6 Toe sê die duiwel vir Hom: "Aan U sal ek al hierdie mag en majesteit gee, want dit is aan my oorgegee, en ek gee dit aan wie ek wil. 7 Dit sal alles aan U behoort as U maar net voor my buig en my aanbid." 8 Daarop antwoord Jesus: "Daar staan geskrywe: "Die Here jou God moet jy aanbid en Hom alleen dien. " 9 Hierna neem die duiwel Hom na Jerusalem toe en laat Hom op die hoogste punt van die tempel staan, en sê: 10 "As U die Seun van God is, spring hier af! Daar staan mos geskrywe: "Hy sal sy engele opdrag gee om jou te beskerm, 11 "en ook: "Op hulle hande sal hulle jou dra sodat jy nie jou voet teen 'n klip sal stamp nie. " 12 Maar Jesus antwoord hom: "Daar is gesê: Jy mag die Here jou God nie op die proef stel nie. " 13 Nadat die duiwel met al die versoekings klaar was, het hy Jesus 'n tyd lank met rus gelaat. 14 Jesus het na Galilea toe teruggegaan vol van die krag van die Gees, en berigte oor Hom het deur die hele omgewing versprei. 15 Hy het die mense in die sinagoges geleer, en almal het met lof van Hom gepraat.

*2 Korintiërs 3:17*

"Die Here" beteken hier "die Gees", en waar die Gees van die Here is, is daar vryheid.

*Romeine 8:26*

Die Gees staan ons ook in ons swakheid by: ons weet nie wat en hoe ons behoort te bid nie, maar die Gees self pleit vir ons met versugtinge wat nie met woorde gesê word nie.

**S O A P**

*Week 2 • Donderdag*

**SOAP** / *2 Korintiërs 3:17*
**SCRIPTURE** / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

**OBSERVATION** / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 2 • Donderdag*

### SOAP

*2 Korintiërs 3:17*

*"Die Here" beteken hier "die Gees", en waar die Gees van die Here is, is daar vryheid.*

### OORDENKING

Een van die bekendste voorbeelde van vas in die Nuwe Testament is toe Jesus veertig dae lank in die woestyn gevas het. Volgens verskeie Evangelieverslae het Jesus na die woestyn gegaan om te vas kort nadat Hy deur Johannes in die Jordaanrivier gedoop is. Jesus se doop was 'n belangrike oomblik in sy bediening, 'n oomblik waar sy bediening openbaar geword het en baie Hom begin volg het.

Onmiddellik na hierdie belangrike gebeurtenis het Jesus alleen die woestyn ingegaan. Hy het veertig dae lank gevas en honger ervaar—Hy was selfs uitgehonger. Maar hierdie fisiese honger wat Jesus ervaar het, het Hom terdeë bewus gemaak van die planne van die vyand. Dit het Hom in staat gestel om God se Woord, God se beloftes en God se opdrag te onthou.

Lukas se verslag vertel ons dat Jesus vol van die Heilige Gees was toe Hy die woestyn ingegaan het. As gevolg van die krag van die Heilige Gees kon Jesus hierdie seisoen van vas verduur. As gevolg van die krag van die Heilige Gees was Jesus in staat om versoeking en beproewing van Satan te verduur. En, as gevolg van die krag van die Heilige Gees was Jesus in staat om terug te keer en sy bediening voort te sit.

Vas is bedoel om moeilik te wees. Dit is bedoel om ons te dryf om van die Here afhanklik te wees vir krag en lewensmiddele. Maar vas is 'n geleentheid om met die Heilige Gees gevul te word. Soos ons God vertrou om in ons behoeftes te voorsien en deur gebed en nabetragting van die Skrif, word ons meer en meer met die Gees vervul. Wanneer ons nie gevul is met kos nie, kan ons op God se Gees staatmaak om te voorsien wat ons nodig het om ons te onderhou, ons energie te gee en ons verstand helder te hou.

Wanneer ons vas, gee ons die Heilige Gees ruimte om ons te vul. In plaas daarvan om te fokus op wat ons prysgee, kom ons fokus op dit waarmee ons onsself vul. Wanneer ons onsself met die Heilige Gees vul, vind ons lewe, krag en bemoediging.

## LEES

*Week 2 • Vrydag*

*Ester 4*

Toe Mordegai hoor wat gebeur het, het hy sy klere geskeur en rouklere aangetrek en as op sy kop gegooi. Hy het deur die stad geloop en hard en bitterlik gekerm. 2 So het hy tot by die poort van die paleis gegaan. Niemand kon met rouklere aan by die poort ingaan nie. 3 In al die provinsies waar die besluit en die proklamasie van die koning bekend geword het, was daar groot smart onder die Jode. Hulle het gevas en gehuil en gekerm, en baie het rouklere aangetrek en in die as gaan lê. 4 Toe koningin Ester se kamerpersoneel en haar paleisbeamptes haar van Mordegai kom vertel, was sy baie ontsteld. Sy het vir hom klere gestuur om aan te trek in die plek van sy rouklere, maar hy wou dit nie vat nie. 5 Ester roep toe vir Hatak, een van die koning se paleisbeamptes wat in haar diens was, en beveel hom om na Mordegai toe te gaan en uit te vind wat aangaan en waarom hy so maak. 6 Hatak het na Mordegai toe gegaan op die stadsplein voor die poort van die paleis. 7 Mordegai het hom alles vertel wat gebeur het, selfs van die presiese hoeveelheid silwer wat Haman onderneem het om aan die skatkis van die koning te lewer as hy die Jode mag doodmaak. 8 Hy het ook vir Hatak 'n afskrif gegee van die proklamasie wat in Susan uitgevaardig is en waarvolgens die Jode doodgemaak moes word. Hatak moes dit aan Ester wys, haar alles vertel en haar versoek om na die koning toe te gaan. Sy moes hom om genade smeek en vir haar volk intree. 9 Hatak is toe terug na Ester toe en het Mordegai se woorde aan haar oorgedra. 10 Sy het toe vir Hatak beveel om vir Mordegai te sê: 11 "Al die amptenare van die koning en die mense in die provinsies van die koning weet dat daar net een wet is vir enigeen, man of vrou, wat na die koning toe in die binneste voorhof gaan as hy nie ontbied is nie: hy word sonder meer doodgemaak. Die enigste uitsondering is dat die koning sy goue septer na so 'n persoon toe uitsteek; dan bly hy lewe. En dit is nou al dertig dae dat ek nie na die koning toe ontbied is nie." 12 Die boodskap van Ester is aan Mordegai oorgedra, 13 en hy het haar geantwoord: "Moenie dink net jy van al die Jode sal vrykom omdat jy in die koning se paleis is nie. 14 As jy nóú swyg en daar kom van 'n ander kant af uitkoms en redding vir die Jode, sal jy en jou familie omkom. Wie weet, miskien is dit juis met die oog op 'n tyd soos hierdie dat jy koningin geword het!" 15 Ester het toe vir Mordegai laat weet: 16 "Gaan maak al die Jode wat in Susan is, bymekaar en vas ter wille van my. Julle moet drie dae, dag en nag, niks eet en drink nie. Ek en my kamerpersoneel sal ook vas. Daarna sal ek na die koning toe gaan, al is dit teen die wet. As ek moet omkom, moet ek maar omkom." 17 Mordegai is toe weg en het alles gedoen wat Ester hom beveel het.

*Psalm 138:3*

Toe ek na U geroep het, het U my gebed verhoor en my nuwe krag gegee.

## SOAP

*Week 2 • Vrydag*

SOAP / *Psalm 138:3*

SCRIPTURE / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

OBSERVATION / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION /** *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER /** *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 2 • Vrydag*

### SOAP

*Psalm 138:3*

*Toe ek na U geroep het, het U my gebed verhoor en my nuwe krag gegee.*

### OORDENKING

Die gebeure wat in die Boek van Ester opgeteken is, is redelik kompleks. Ester was 'n jong meisie wat gedwing was om koningin van die hele ryk van Persië te word. Alhoewel dit vandag soos 'n sprokie lyk, was baie aspekte van Ester se lewe ver daarvan. Ester moes haar identiteit vir haar man wegsteek uit vrees dat sy vermoor sou word, of ten minste uitgedryf sou word. God het egter haar posisie gebruik om sy volk wonderbaarlik te red.

Alhoewel Ester 'n magsposisie beklee het, moes sy steeds ten volle aan die koning onderwerp. Haar voorganger is verwyder weens haar ongehoorsaamheid en Ester het waarskynlik met groot omsigtigheid opgetree om nie dieselfde lot te ly nie. Maar toe die Jode in gevaar was om vernietig te word, moes Ester ongenooid voor die koning gaan.

Voordat Ester na die koning gegaan het om te vra dat haar volk gered word, het sy gevas. Sy het haar oom, Mordegai, opdrag gegee om al die Jode in Susan te laat vas en sy en haar bediendes het ook gevas. 'n Hele gemeenskap het gevas en God gevra om Ester voor te berei en die koning se hart voor te berei vir haar versoek.

Vas het toegelaat dat Ester gevul word met vrymoedigheid en die vertroue dat sy doen wat God van haar gevra het.

Soos ons nader aan God kom deur vas en gebed, mag ons duideliker sien waarheen God ons lei. Dalk het Hy 'n taak voor jou geplaas wat jy huiwer om te doen. Laat Hy jou met vrymoedigheid vul terwyl jy vas. Laat die Heilige Gees toe om jou hart voor te berei terwyl jy vir Hom plek maak om jou te vul. Wanneer ons God om hulp vra, sal Hy ons sekerlik die vrymoedigheid gee wat ons nodig het.

## OORDENKING

*Week 2*

1. *Waarvoor maak vas plek? Waarmee kan jy hierdie week jou lewe vul noudat jy ruimte geskep het deur te vas?*

.........................................................................................................................................................

.........................................................................................................................................................

.........................................................................................................................................................

2. *Wat kan jy doen om jouself met God se Woord te vul? Op watter maniere kan jy God se Woord in jou daaglikse roetine inkorporeer sodat jy gevul word met waarheid?*

.........................................................................................................................................................

.........................................................................................................................................................

.........................................................................................................................................................

3. *In watter area van jou lewe het jy wysheid nodig? Vra God om vir jou die wysheid te gee wat jy nodig het en wees getrou om die wysheid te volg wat Hy gee.*

.........................................................................................................................................................

.........................................................................................................................................................

.........................................................................................................................................................

4. *Hoe het jy gesien hoe die Heilige Gees jou hierdie week vul terwyl jy gevas het?*

.........................................................................................................................................................

.........................................................................................................................................................

.........................................................................................................................................................

5. *In watter area van jou lewe het jy vrymoedigheid nodig? Vra God om jou met vrymoedigheid te vul terwyl jy vir Hom plek maak in jou lewe deur te vas.*

.........................................................................................................................................................

.........................................................................................................................................................

.........................................................................................................................................................

*Wees my genadig,
o God, in u
troue liefde, wis
my oortredings
uit in u groot
barmhartigheid!
Was my skoon
van my skuld,
reinig my van
al my sonde!*

*Psalm 51:3-4*

## BID

*Skryf jou gebedsversoeke en lofprysings vir die week neer.*

## WEEKLIKSE UITDAGINGS

*Bekering is 'n geestelike dissipline. Dit vereis 'n nederige hart en 'n erkennig van ons sonde. Hierdie week, soos ons bekering bestudeer, maak dit deel van jou dag. Soos ons poog om ons lewens te vul met die dinge van God te midde van ons vas, voeg bekering by jou roetine, maak jou hart nederig voor God en bely jou sonde.*

## LEES

*Week 3 • Maandag*

*Psalm 51*

Vir die koorleier. ‘n Psalm van Dawid, na aanleiding daarvan 2 dat die profeet Natan na hom toe gekom het oor sy owerspel met Batseba. 3 Wees my genadig, o God, in u troue liefde, wis my oortredings uit in u groot barmhartigheid! 4 Was my skoon van my skuld, reinig my van my sonde! 5 Ja, my oortredings ken ek en van my sonde bly ek altyd bewus. 6 Teen U alleen het ek gesondig, ek het gedoen wat verkeerd is in u oë. U uitspraak is dus reg en u oordeel regverdig. 7 Ek was al skuldig toe ek gebore is, met sonde belaai toe my moeder swanger geword het. 8 Maar U verwag opregtheid diep in ‘n mens se hart: laat ek dan diep in my binneste weet hoe U wil dat ek moet lewe. 9 Neem tog my sonde weg dat ek rein kan wees, was my dat ek witter as sneeu kan wees. 10 Laat my weer blydskap en vreugde belewe. U het my verbrysel; laat my weer jubel. 11 Moet tog nie ag slaan op my sondes nie, wis al my skuld uit! 12 Skep vir my ‘n rein hart, o God, vernuwe my gees en maak my standvastig. 13 Moet my tog nie van U af wegdryf en u Heilige Gees van my af wegneem nie! 14 Laat my weer die blydskap ervaar van iemand wat deur U verlos is, laat my U weer met toewyding dien. 15 Dan sal ek oortreders leer wat U van ‘n mens verwag; dat die sondaars hulle tot U sal bekeer. 16 Red my van ondergang, o God, my Redder, dat ek kan jubel oor u verlossingsdaad. 17 Here, gee my die woorde om u lof te verkondig. 18 ‘n Offer vra U nie, anders sou ek dit bring; ‘n brandoffer wil U nie hê nie. 19 Die offer wat U wil hê, o God, is verootmoediging: U sal ‘n hart vol ootmoed en berou nie gering ag nie, o God. 20 Laat Sion u liefde en u goedheid ondervind: herbou tog die mure van Jerusalem. 21 Dan sal die offers wat voorgeskryf is, weer vir U aanneemlik wees: offerdiere wat heeltemal verbrand word. Dan sal hulle weer bulle op u altare offer.

## SOAP

*Week 3 • Maandag*

**SOAP** / *Psalm 51:3-4*
**SCRIPTURE** / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

**OBSERVATION** / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

APPLICATION / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

PRAYER / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 3 • Maandag*

### SOAP

*Psalm 51:3-4*

*Wees my genadig, o God, in u troue liefde, wis my oortredinge uit in u groot barmhartigheid! Was my skoon van my skuld, reinig my van my sonde!*

### OORDENKING

Ons as gevalle mense doen almal elke dag dinge wat teen God en sy volmaakte plan is. Ons sondig, ons doen dinge met selfsugtige intensies, ons is trots en arrogant en ons wil ons eie begeertes vervul eerder as om God te gehoorsaam.

Lydenstyd is ‘n seisoen om ons te herinner aan die erns van ons sondes. Jesus moes sterf om ons in ‘n regte verhouding met God te herstel. Die gevolge van ons sondes is ernstig. Maar deur ons geloof in Christus te plaas, erken ons dat daar niks is wat ons kan doen om onsself te red nie.

Bekering is ‘n belangrike dissipline in die lewe van ‘n gelowige. Die daad van bekering is ‘n daad van nederigheid, om voor God te erken dat ons ongehoorsaamheid aan Hom verkeerd was. Maar bekering is meer as belydenis. Bekering is ‘n hartsverandering, ‘n voortdurende wegdraai van sonde af en terugdraai na God toe. Bekering is nie ‘n eenmalige gebeurtenis nie, maar ‘n houding van ons harte.

Toe Dawid gesondig het deur met Batseba te slaap en toe haar man dood te maak, het God hom sy sonde laat besef. Dawid moes die gevolge van sy sonde hanteer en dit was baie ernstig. Maar Dawid het ook God se genade erken. Hy het hom bekeer, van sy goddelose dade afgewyk en deernis en vergifnis by God gesoek.

Ons God is genadig en vol deernis. Hy tree met groot barmhartigheid op deur ons nie te gee wat ons sondes verdien nie. Deur Jesus se offer het Hy ons verkeerde dade weggewas en ons van sonde gereinig. Wanneer ons ons bekeer, erken ons ons sonde en vra ons ons Verlosser vir sy groot genade en deernis. Mag ons voortdurend sy genade soek, wetende dat dit nie saak maak hoeveel keer ons misluk nie, sy genade raak nooit op nie.

## LEES

*Week 3 • Dinsdag*

*Romeine 2:4*

God is ryk in goedheid, verdraagsaamheid en geduld! Sê dit vir jou niks nie? Besef jy nie dat God jou deur sy goedheid tot bekering wil lei nie?

*2 Korintiërs 7:10*

want droefheid volgens die wil van God bring bekering wat tot redding lei, en daaroor was niemand nog ooit jammer nie. Daarteenoor bring droefheid uit wêreldse oorwegings die dood.

*2 Petrus 3:9*

Die Here stel nie die vervulling van sy belofte uit nie, al dink party mense so. Nee, Hy is geduldig met julle, omdat Hy nie wil hê dat iemand verlore gaan nie: Hy wil hê dat almal hulle moet bekeer.

## SOAP

*Week 3 • Dinsdag*

**SOAP /** *2 Korintiërs 7:10*
**SCRIPTURE /** *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

**OBSERVATION /** *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

APPLICATION / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

PRAYER / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 3 • Dinsdag*

### SOAP

*2 Korintiërs 7:10*

*want droefheid volgens die wil van God bring bekering wat tot redding lei, en daaroor was niemand nog ooit jammer nie. Daarteenoor bring droefheid uit wêreldse oorwegings die dood.*

### OORDENKING

Het jy al ooit stilgestaan en gedink oor die grootsheid van God se karakter? Hy kan beide toorn en barmhartigheid, geregtigheid en barmhartigheid besit en hulle perfek bied. God kan na ons sonde kyk en dit haat, maar ook aan ons barmhartigheid bied en begeer dat ons berou sal toon en na Hom toe draai.

Sedert die skepping het God Homself bekend gemaak. Hy het sy karakter en sy liefde getoon deur die skepping, sy mense en Homself. Alhoewel Hy heilig is en nie naby sonde kan wees nie, het Hy 'n weg gemaak vir ons om met Hom versoen te word. Sy begeerte is dat ons almal sal bekeer en na Hom toe draai.

Wanneer ons in Christus glo, het ons die Heilige Gees in ons. Wanneer ons sondig, ervaar ons goddelike hartseer. Hierdie hartseer is nie verdoemenis nie, maar is bedoel om ons terug te lei na God toe. Die doel is beide om ons te wys dat ons God nodig het en om ons te lei om te bekeer en na Hom toe te draai.

Dikwels kan daardie hartseer kom wanneer ons God se goedgunstigheid raaksien. Ja, daar is tye wanneer God sal toelaat dat ons die gevolge van ons sondes ervaar, natuurlik of andersins. Maar God se goedgunstigheid is wat ons dikwels lei tot belydenis. Wanneer ons sien en verstaan hoe lief God ons het, word ons geroer om van ons sondes af weg te draai en Hom te volg.

God wil hê dat ons ons behoefte aan Hom sal erken en ons bekeer. Daardie bekering lei eerste tot verlossing en dan voortdurende heiligmaking vir die res van ons lewens. Wanneer ons hartseer en droefheid oor ons sonde ervaar, mag ons dit herken as barmhartigheid van God, wat bedoel is om ons tot bekering te bring. Mag ons wegdraai van ons sonde en na Hom toe, sodat Hy ons hartseer met ware vreugde kan vervang.

## LEES

*Week 3 • Woensdag*

*2 Kronieke 7:14*

en my volk oor wie my Naam uitgeroep is, toon berou en bid en vra na my wil en draai terug van hulle bose weë af, sal Ek luister uit die hemel en hulle sonde vergewe en hulle land laat herstel.

*Handelinge 2:38*

Toe antwoord Petrus hulle: "Bekeer julle en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus, en God sal julle sondes vergewe en julle sal die Heilige Gees as gawe ontvang.

*1 Johannes 1:9*

Maar as ons ons sondes bely – Hy is getrou en regverdig, Hy vergewe ons ons sondes en reinig ons van alle ongeregtigheid.

## SOAP

*Week 3 • Woensdag*

**SOAP /** *1 Johannes 1:9*
**SCRIPTURE /** *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

**OBSERVATION /** *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 3 • Woensdag*

**SOAP**

*1 Johannes 1:9*

*Maar as ons ons sondes bely - Hy is getrou en regverdig, Hy vergewe ons ons sondes en reinig ons van alle ongeregtigheid.*

**OORDENKING**

Bekering is ‘n seën. Dit is ‘n ongelooflike gawe dat God ons ons behoefte aan bekering wys deur die werk van die Heilige Gees en dan betoon Hy nog meer genade en goedgunstigheid aan ons deur ons daarnatoe te lei.

God reageer teenoor ons bekering. Hy weet wanneer ons in sondige patrone verval het en wanneer ons in vleeslike begeertes of die dinge van die wêreld vasgevang is. Sy begeerte is dat ons nederig sal wees, sal bid, probeer om Hom te behaag en van ons sondes af sal wegdraai. Hy belowe dat wanneer ons dit doen, Hy ons sal vergewe.

Bekering is nie net vir diegene wat volgelinge van Jesus is nie. Bekering is die eerste stap om ‘n verhouding met God te hê. As ons nog nie ‘n verhouding met God het nie, moet ons eers herken dat ons sonde ‘n probleem is en dat dit ons van God af weghou. Bekering is eenvoudig ‘n erkenning dat ons sondig is, dat ons nie onsself kan red nie en dat ons God nodig het om ons te red.

Wanneer ons ons bekeer, moet ons glo dat Jesus se opoffering genoeg was om ons sondes te bedek. Ons aanvaar God se vergifnis en die regverdigheid van Christus. Ons vra God om ons die krag te gee om van ons sondes af weg te draai en Hom te gehoorsaam, sodat ons nie sal ingee wanneer die versoeking weer kom nie.

Ongelukkig, solank as wat ons hier leef, sal ons ons elke dag moet bekeer. Maar gelukkig is God se genade elke oggend nuut. Terwyl ons lewe is dit nooit te laat om te bekeer nie. Ongeag of jy nog nooit van jou sonde bekeer het en jou geloof in Christus geplaas het nie, en of jy weggedryf het van God af en in sondige patrone verval het, en of jy met God wandel maar steeds worstel met sonde (soos ons almal), jy kan altyd bekeer. Wat ‘n genadegawe het ons nie in bekering nie, in die vermoë om ons sondes te bely en God se genadige vergifnis te aanvaar.

## LEES

*Week 3 • Donderdag*

*Lukas 15:1-10*

Die tollenaars en sondaars het almal die gewoonte gehad om na Jesus te kom luister. 2 Hierteen het die Fariseërs en die skrifgeleerdes beswaar gemaak en gesê: "Hierdie man ontvang sondaars en eet selfs saam met hulle." 3 Toe vertel Jesus vir hulle hierdie gelykenis: 4 "Sê nou een van julle het honderd skape en een van hulle raak weg. Wat doen hy dan? Hy laat die nege en negentig in die veld staan en gaan agter die een aan wat weg is, totdat hy hom kry. 5 En as hy hom kry, is hy bly en tel hom op sy skouers. 6 As hy by die huis kom, roep hy sy vriende en bure bymekaar en sê vir hulle: 'Wees saam met my bly, want ek het my skaap wat weg was, weer gekry.' 7 Ek sê vir julle: Net so sal daar ook in die hemel blydskap wees oor een sondaar wat hom bekeer, eerder as oor nege en negentig mense wat reg doen en nie bekering nodig het nie." 8 "Of watter vrou wat tien silwermuntstukke het en een raak weg, steek nie 'n lamp op en vee die huis uit en soek sorgvuldig totdat sy dit kry nie? 9 En as sy dit kry, roep sy haar vriendinne en buurvroue bymekaar en sê: 'Wees saam met my bly, want ek het my geld wat weggeraak het, weer gekry.' 10 Ek sê vir julle: Net so is daar blydskap onder die engele van God oor een sondaar wat hom bekeer."

## SOAP

*Week 3 • Donderdag*

SOAP / *Lukas 15:7*

SCRIPTURE / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

OBSERVATION / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 3 • Donderdag*

### SOAP

*Lukas 15:7*

*Ek sê vir julle: Net so sal daar ook in die hemel blydskap wees oor een sondaar wat hom bekeer, eerder as oor nege en negentig mense wat reg doen en nie bekering nodig het nie.*

### OORDENKING

Soos ons oor vandag se verse nadink, kan ons groot troos vind in die manier hoe Jesus beloof om dié wat verlore is te soek en te red. Wanneer ons ons bekeer en deur Hom gevind word, is daar groot blydskap in die hemel!

Maar hoe sien ons as gelowiges dié wat verlore is? Die Fariseërs en die godsdienstige leiers het hooghartig geword—soos die ouer seun en die ryk man—en geglo hulle verdien verlossing as gevolg van hulle gehoorsaamheid aan die wet. Hulle het met minagting gekyk na diegene wat hulle beskou het as "sondaars," diegene na wie Jesus met liefde en deernis gekyk het.

Hoe kyk jy na mense wat nie vir Jesus ken nie, nie kerk toe gaan of 'n Christelike lewensuitkyk het nie? Jesus se spesifieke waarskuwings in hierdie Skrifgedeelte was aan die godsdienstige leiers wat geglo het dat hulle deur hulle aksies regverdig verklaar is. Alhoewel ons weet dat ons regverdigmaking alleenlik deur Christus kom, kan dit maklik wees om in dieselfde denkpatrone as die godsdienstige leiers te verval.

Jesus het gekom om dié wat verlore is te red—wat eens op 'n tyd ons elkeen was, of miskien nou is. Hy sal nie dat enige een van sy skape verlore bly nie. As die Goeie Herder sal Jesus groot moeite doen om wat aan Hom behoort, te red van die dood. Hy weet wat dit neem om jou te bereik.

Ons was ook vroeër vyande van God, maar ons is 'n nuwe lewe in Hom gebied. Niemand van ons is goed, regverdig of waardig om gered te word nie. Jesus en die hele hemel is verblyd oor elke verlore persoon wat bekeer. As sy volgelinge weet ons hoe dit was om verlore te wees en die ware vreugde van om gevind te word. Mag ons voortgaan om Hom te volg, veral terwyl ons die verlorenes soek. Net Jesus kan red, maar ons kan verblyd wees oor elke sondaar wat gevind word.

## **LEES**

*Week 3 • Vrydag*

*Psalm 32*

‘n Gedig van Dawid. Dit gaan goed met die mens wie se oortredings nie gestraf
word nie, wie se sonde vergewe word. 2 Dit gaan goed met die mens vir wie
die Here die oortreding nie toereken nie en in wie se gees daar geen valsheid
is nie. 3 Toe ek oor my sonde geswyg het, het my liggaam uitgeteer soos ek
heeldag om hulp geroep het. 4 U hand het dag en nag swaar op my gedruk,
my krag het opgedroog soos water in somerhitte. Sela 5 Toe het ek my sonde
bely, my oortreding nie weggesteek nie. Ek het gesê: “Voor die Here bely ek my
opstandigheid;” en U het my skuld vergewe. Sela 6 Dit is waarom elke gelowige
in ‘n tyd van nood tot U bid; selfs vloedwaters sal hom nie skielik oorval nie. 7 U
is vir my ‘n skuilplek, U beskerm my teen aanvalle, U laat my oorwinningsliedere
sing. Sela 8 Ek wil jou onderrig en jou die pad leer wat jy moet volg. Ek wil jou
raad gee en my oog oor jou hou. 9 Moenie onverstandig wees nie, soos ‘n perd of
‘n muil wat met ‘n stang in die bek beteuel moet word as jy hom wil lei. 10 Die
goddelose het baie smarte, maar wie op die Here vertrou, dié omvou Hy met sy
liefde. 11 Verbly julle in die Here en juig, regverdiges, jubel, alle opregtes.

## SOAP

*Week 3 • Vrydag*

**SOAP /** *Psalm 32:5*
**SCRIPTURE /** *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

**OBSERVATION /** *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 3 • Vrydag*

**SOAP**

*Psalm 32:5*

*Toe het ek my sonde bely, my oortreding nie weggesteek nie. Ek het gesê: "Voor die Here bely ek my opstandighed;" en U het my skuld vergewe. (Sela)*

**OORDENKING**

Hierdie week het ons bekering bestudeer. Bekering is 'n sleutelkomponent van ons geloof. Tydens die Lydenstydseisoen, soos ons ons harte voorberei om die reddende werk van Christus aan die kruis en sy opstanding te vier, is bekering een manier hoe ons ons harte na Hom toe draai.

In Psalm 32 het Dawid die manier hoe bekering en belydenis hom ware vreugde en vrede gebring het, beskryf. Hy skryf hoe, toe hy geweier het om sy sonde te bely, hy groot pyn ervaar het. Die gewig van sy sonde het hom gefolter, hom amper vernietig en selfs sy fisiese gesondheid beïnvloed.

Toe Dawid egter sy sonde bely het, het hy God se ongelooflike vergifnis herken en aanvaar. Hy het nie langer pyn ervaar nie, maar hy het groot vrede en vreugde ervaar. Toe hy God vertrou het om hom te vergewe, het God se getrouheid hom oorweldig.

Dawid moedig ook God se mense aan om te bid en te bekeer terwyl hulle dit nog kan doen. As gevolg van Jesus is al ons sondes vergewe en betaal as ons ons geloof in Hom geplaas het. Ons lewens hoef dus nie meer gefolter te word deur die gewig en verwoesting van ons sonde nie. Wanneer ons na God toe terugdraai en sy vergifnis soek, vind ons lewe, vrede en vreugde.

Bekering is nie 'n eenmalige aksie nie, maar 'n dissipliine en 'n houding van die hart. Hoe meer ons die vryheid en die seën herken wat kom van bekering, hoe vinniger sal ons ons bekeer wanneer ons foute maak. Mag ons volgelinge van Jesus wees wat voortdurened nederig in bekering na Hom toe kom en wat leef in die vryheid en vrede wat kom uit sy vergifnis.

## OORDENKING

*Week 3*

1. *Waarom is 'n begrip van God se deernis en barmhartigheid 'n deurslaggewende deel van bekering?*

..............................................................................................................

..............................................................................................................

..............................................................................................................

2. *Het jy al ooit die "droefheid deur die wil van God" ervaar wat in 2 Korinthiërs 7:10 genoem word? Indien wel, hoe het dit jou tot bekering gelei?*

..............................................................................................................

..............................................................................................................

..............................................................................................................

3. *Waarom is bekering 'n gawe?*

..............................................................................................................

..............................................................................................................

..............................................................................................................

4. *Hoe reageer God wanneer 'n verlore persoon Hom leer ken? Hoe reageer jy teenoor diegene wat verlore is en God se vergifnis soek?*

..............................................................................................................

..............................................................................................................

..............................................................................................................

5. *Waarom is bekering 'n dissipline of praktyk en nie 'n eenmalige daad nie?*

..............................................................................................................

..............................................................................................................

..............................................................................................................

*Moenie nalaat
om goed
te doen en
mededeelsaam te
wees nie, want
dit is die offers
wat vir God
aanneemlik is.*

*Hebreërs 13:16*

## BID

*Skryf jou gebedsversoeke en lofprysings vir die week neer.*

## WEEKLIKSE UITDAGINGS

*Deel daarvan om onsself leeg te maak om met Christus gevul te word behels om liefdadigheid te doen. Liefdadigheid is 'n daad van geloof wat aandui dat ons glo dat God in ons behoeftes sal voorsien as ons uit ons oorvloed gee. Vra hierdie week vir God om aan jou te openbaar waar Hy wil hê jy moet finansieel gee. As jy voel jy het nie die middele nie, vra Hom om jou te wys hoe jy steeds liefdadig kan wees met wat jy wel het*

## LEES

*Week 4 • Maandag*

*Psalm 49*

Vir die koorleier. Van die Koragiete. ‘n Psalm. 2 Luister hierna, al julle volke, gee aandag, julle almal wat die wêreld bewoon, 3 elke mens, sonder uitsondering, ryk en arm! 4 My mond gaan suiwer wysheid praat; wat ek gaan sê, sal van insig getuig, 5 want ek hoor ‘n woord wat my wysheid gee en terwyl ek op die lier speel, wil ek ‘n geheimenis verklaar. 6 Waarom sou ek my in moeilike tye kwel as ek bedreig word deur die onreg van bedrieërs, 7 van mense wat net op hulle besittings vertrou en met hulle groot rykdom spog? 8 Een mens kan tog nie ‘n ander loskoop van die dood en aan God ‘n losprys vir hom betaal nie? 9 Die prys vir ‘n mens se lewe is te hoog. Wat hy kan betaal, sal nooit genoeg wees 10 dat hy vir altyd sal lewe en die dood nooit sal smaak nie. 11 Elkeen sien dit tog: wyse mense sterwe net soos dwase en sotte, en laat hulle besittings aan ander na. 12 Die graf is vir altyd hulle tuiste; van geslag tot geslag is dit hulle woonplek, al het hulle eenmaal grond op hulle naam gehad. 13 Met weelde en al leef die mens nie vir altyd nie; soos die diere, so kom die mens ook tot ‘n einde. 14 Dit is die lot ook van mense wat op hulleself vertrou, die uiteinde van dié wat ingenome is met hulleself. Sela 15 Soos skape is hulle bestem om te sterwe; die dood is hulle wagter. Sonder meer daal hulle in die graf in; in die doderyk verdwyn alles waarop hulle vertrou het; vir hulle bestaan dit nie meer nie. 16 Maar vir my sal God loskoop uit die mag van die dood; ek sal aan Hom behoort. Sela 17 Moet jou nie daaroor kwel dat mense ryk word, dat hulle besittings baie word nie, 18 want as hulle sterf, neem hulle niks saam nie; hulle besittings sal hulle nie volg nie. 19 Al verlustig ‘n mens hom in ‘n voorspoedige lewe, en al prys die mense hom omdat dit met hom goed gaan, 20 soos sy voorvaders sal ook hy moet sterwe en hy sal die lig nooit weer sien nie. 21 Die mens wat met weelde en al ‘n dwaas bly, is soos ‘n dier wat vergaan.

*Matteus 6:19-21*

“Moenie vir julle skatte op aarde bymekaarmaak waar mot en roes dit verniel en waar diewe inbreek en dit steel nie. 20 Maak vir julle skatte in die hemel bymekaar, waar mot en roes dit nie verniel nie en waar diewe nie inbreek en dit steel nie. 21 Waar jou skat is, daar sal jou hart ook wees.”

## SOAP

*Week 4 • Maandag*

SOAP / *Matteus 6:19–21*
SCRIPTURE / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

OBSERVATION / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

APPLICATION / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

PRAYER / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 4 • Maandag*

### SOAP

*Matteus 6:19–21*

*"Moenie vir julle skatte op aarde bymekaarmaak waar mot en roes dit verniel en waar diewe inbreek en dit steel nie. Maak vir julle skatte in die hemel bymekaar, waar mot en roes dit nie verniel nie en waar diewe nie inbreek en dit steel nie. Waar jou skat is, daar sal jou hart ook wees."*

### OORDENKING

Hierdie week bestudeer ons nog ‘n belangrike aspek van die Lydenstyd: liefdadigheid. Liefdadigheid is ‘n uiters belangrike aspek van ons geloof en in hierdie seisoen sien ons hoe dit verband hou met wat Christus vir ons gedoen het. Soortgelyk met vas, is liefdadigheid ‘n manier waarop onsself leegmaak van die dinge wat ons van God af wegtrek, spesifiek geld en besittings. Liefdadigheid, of om te gee, wys ons geloof en verteenwoordig die manier waarop ons onsself leegmaak om met Christus gevul te word.

Die skrywer van Psalm 49 waarsku ons teen die gevare van ‘n liefde vir geld. Want selfs al lyk dit of ons lewens hier op aarde meer gemaklik of in ons beheer sal wees wanneer ons baie geld het, hou dit in terme van die ewigheid vir ons geen voordeel nie. Hy waarsku teen die gevare van om net vir rykdom te leef en die verwoesting wat dit bring.

Jesus thet oor en oor geleer hoe belangrik dit was om Hom te volg en om nie aan jou rykdom vas te hou nie. Baie ryk mense wou Hom volg, maar was onwillig om hulle rykdom of besittings op te gee. Jesus het sy volgelinge geleer om skatte in die hemel bymekaar te maak, nie op aarde nie.

Ons sal hierdie week meer kyk na die belangrikheid van liefdadigheid, maar in die kern van liefdadigheid is ons verhouding met geld. As ons te vas is aan ons rykdom, sal dit soos ‘n ongelooflike opoffering voel om te gee. Wanneer ons egter herken dat alle seëninge—insluitende ons finansiële seëninge—van God alleen is, is ons meer gewiliig om hulle weg te gee om ander te seën.

Liefdadigheid is een manier hoe ons onsself kan leegmaak sodat ons deur Christus gevul kan word. Wanneer ons skatte in die hemel is en nie op aarde nie, sal ons harte volg. Kom ons wees gewillig om onsself deur liefdadigheid leeg te maak en God toe te laat om ons weer op te vul met Homself.

## LEES

*Week 4 • Dinsdag*

*Lukas 12:13-34*

Iemand uit die menigte sê toe vir Jesus: "Meneer, sê vir my broer hy moet die erfenis met my deel." 14 Maar Hy antwoord hom: "Man, wie het My as regter of deler vir julle aangestel?" 15 Toe sê Hy vir hulle: "Pas op en wees op julle hoede vir elke vorm van gierigheid, want 'n mens se lewe is nie afhanklik van die oorvloed van sy besittings nie." 16 Toe vertel Hy hulle 'n gelykenis: "'n Ryk man se grond het goed gedra. 17 Hy het toe by homself gedink: wat moet ek doen? Ek het nie plek waar ek my oes kan opgaar nie. 18 Toe besluit hy: dit sal ek doen: Ek sal my skure afbreek en groter bou. Daarin sal ek al my graan en my ander goed opgaar. 19 Dan sal ek vir myself sê: 'Mens, jy het baie goed wat weggesit is vir baie jare. Hou op met werk: eet, drink en leef lekker.' 20 Maar God het vir hom gesê: 'Jou dwaas. Vannag nog sal jou lewe van jou opgeëis word, en wie kry dan alles wat jy bymekaargemaak het?' 21 So gaan dit met hom wat vir homself skatte vergader en nie ryk is by God nie." 22 Verder het Jesus vir sy dissipels gesê: "Daarom sê Ek vir julle: Moet julle nie bekommer oor julle lewe, oor wat julle moet eet nie, of oor julle liggaam, oor wat julle moet aantrek nie. 23 Die lewe is tog belangriker as kos en die liggaam as klere. 24 Kyk na die kraaie: hulle saai nie en oes nie; hulle het geen spens of skuur nie, maar God sorg vir hulle. Julle is tog baie meer werd as voëls. 25 Trouens, wie van julle kan deur hom te bekommer sy lewe met een uur verleng? 26 As julle nie eens so 'n klein dingetjie kan regkry nie, waarom bekommer julle julle oor die ander dinge? 27 "Kyk hoe groei die lelies: hulle swoeg nie en hulle maak nie klere nie, maar Ek sê vir julle: Selfs Salomo in al sy prag was nie geklee soos een van hulle nie. 28 As God die gras van die veld, wat vandag nog daar is en môre in die vuur gegooi word, só mooi maak, hoeveel te meer sal Hy julle versorg, julle kleingelowiges! 29 Julle moet julle ook nie gedurig afvra wat julle gaan eet of drink nie, en julle moenie besorg wees nie. 30 Dit is alles dinge waaroor die ongelowiges in die wêreld begaan is, maar julle het 'n Vader wat weet dat julle dit nodig het. 31 Beywer julle vir sy koninkryk, dan sal Hy julle ook hierdie dinge gee. 32 "Moenie bang wees nie, klein kuddetjie, want dit was die wil van julle Vader om die koninkryk aan julle te gee. 33 "Verkoop julle besittings en gee bydraes vir die armes. Skaf vir julle 'n beurs aan wat nie leeg raak nie, 'n onuitputlike rykdom in die hemel, waar geen dief dit kan bykom en geen mot dit kan verniel nie. 34 Waar julle skat is, daar sal julle hart ook wees."

## SOAP

*Week 4 • Dinsdag*

SOAP / *Lukas 12:29–30*
SCRIPTURE / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

OBSERVATION / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 4 • Dinsdag*

### SOAP

*Lukas 12:29–30*

*Julle moet julle ook nie gedurig afvra wat julle gaan eet of drink nie, en julle moenie besorg wees nie. Dit is alles dinge waaroor die ongelowiges in die wêreld begaan is, maar julle het 'n Vader wat weet dat julle dit nodig het.*

### OORDENKING

Liefdadigheid kan 'n moeilike onderwerp wees. Ons is almal sensitief oor geld, want ons het almal geld nodig om te lewe. Voedsel kos geld, blyplek kos geld, klere kos geld. En al die dinge wat nie absolute noodsaaklikhede vir oorlewing is nie, kos geld—soos motors, elektrisiteit, stokperdjies, reis en opvoeding.

Ons versoeking is dikwels om soos die ryk man in Lukas 12 te leef. Hierdie man was baie suksesvol, soveel so dat hy nie 'n plek gehad het om al sy oes te kon opgaar nie. In plaas daarvan om te erken dat alles wat hy gehad het 'n gawe van God was en dat hy sy rykdom met ander kon deel, het hierdie man groter pakhuise vir sy graan gebou. Hy het sy sekuriteit in sy rykdom geplaas en geglo dat, omdat hy genoeg gehad het, hy vir die res van sy lewe nie bekommerd hoef te wees nie.

Nie een van ons wil bekommerd wees of ons basiese behoeftes bevredig gaan word nie. Dit is maklik om ons sekuriteit in ons finansies te plaas. Maar dit gee ons nie groter geloof in God nie. Jesus het vir sy dissipels gesê om nie bekommerd te wees oor hulle fisiese behoeftes nie. Maak nie saak wat hulle ontbreek nie, God sou voorsien net wat hulle nodig gehad het. Hulle sekuriteit was in Hom, nie in wat hulle gehad het nie. Selfs met 'n oorvloed van rykdom, kan niemand van ons enige tyd by ons lewens voeg nie en, soos die ryk man, kan ons nie enige van ons rykdom saamneem wanneer ons sterf nie.

Nadat Jesus sy dissipels verseker het dat Hy altyd vir hulle sal sorg en vir hulle sal voorsien, het Hy gesê: "Verkoop julle besittings en gee aan die armes." Hy sou voorsien wat hulle nodig het sodat hulle mildelik kon gee aan behoeftiges.

As ons met liefdadigheid sukkel, is dit nie omdat ons nie genoeg het om aan ander te gee nie. Liefdadigheid is 'n geloofskwessie, nie 'n hulpbronkwessie nie. Liefdadigheid is 'n uitdrukking van ons geloof. Dit wys presies hoeveel ons glo dat God in ons behoeftes sal voorsien. Wanneer ons oortuig is dat Hy altyd vir ons sal gee wat ons nodig het, sal ons meer gewillig wees om vir ander te gee.

## LEES

*Week 4 • Woensdag*

*Spreuke 3:27*

Moenie 'n weldaad weerhou van iemand aan wie dit toekom, terwyl dit in jou mag is om dit te bewys nie.

*Spreuke 28:27*

Wie vir 'n arm mens iets oor het, sal self niks kortkom nie, maar wie anderpad kyk, sal baie verwensings hoor.

*Markus 12:41-44*

Jesus het toe regoor die offergawekis gaan sit en kyk hoe die mense geld daar ingooi. Baie ryk mense het baie geld ingegooi. 42 Daar het toe 'n arm weduwee gekom en twee muntstukkies ingegooi. Dit was baie min werd. 43 Hy het sy dissipels nader geroep en vir hulle gesê: "Dit verseker Ek julle: Hierdie arm weduwee het meer ingegooi as al die ander mense wat iets in die offergawekis gegooi het. 44 Hulle het almal uit hulle oorvloed iets ingegooi, maar sy het in haar gebrek alles ingegooi wat sy gehad het, alles waarvan sy moes lewe."

## SOAP

*Week 4 • Woensdag*

**SOAP** / *Markus 12:43–44*
**SCRIPTURE** / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

**OBSERVATION** / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 4 • Woensdag*

### SOAP

*Markus 12:43–44*

*Hy het sy dissipels nader geroep en vir hulle gesê: "Dit verseker Ek julle: Hierdie arm weduwee het meer ingegooi as al die ander mense wat iets in die offergawekis gegooi het. Hulle het almal uit hulle oorvloed iets ingegooi, maar sy het in haar gebrek alles ingegooi wat sy gehad het, alles waarvan sy moes lewe."*

### OORDENKING

Toe God sy Wet aan die Israeliete gegee het, het Hy ʻn standaard van liefdadigheid vir hulle gestel. Elke gesin moes elke jaar ʻn tiende van hul rykdom aan die tempel gee. Hierdie offer is gedoen beide as ʻn daad van aanbidding en as ʻn daad van voorsiening. Die Leviete is afgesonder van die ander stamme om die Tabernakel, en later die tempel te versorg en te bewaar, en om die nasie in die aanbidding van God te lei. Die Leviete het nie enige grond van hul eie ontvang nie. In plaas daarvan moes die oorblywende stamme deur liefdadigheid vir die Leviete te voorsien.

God het ʻn standaard van gee in Israel gevestig om vir diegene in nood te voorsien. Daar was meer voorsienings as net die een om vir die Leviete te sorg. Ander voorsienings het gesorg vir dié wat arm was, soos die opdrag vir boere om die hoeke van hul lande ongeoes te laat sodat die armes iets te ete kon hê.

Liefdadigheid was nog altyd ʻn praktyk onder God se mense. Dit is nie net ʻn daad van geloof en aanbidding nie, maar dit is hoe ons die liggaam van Christus ondersteun. Vandag leef ons nie meer onder die Wet nie. Daar word nie van ons verwag om ʻn tiende van ons rykdom opsy te sit en dit aan die kerk te gee nie. ʻn Nuwe standaard van gee is egter gestel as gevolg van wat Christus gedoen het.

Ons lewens moet weerspieël wat Christus vir ons gedoen het. Hy het alles gegee. Hy het gesterf sodat ons lewe kon hê. Die weduwee in ons Skrifgedeelte vandag is ʻn voorbeeld van wat ons bereid moet wees om te gee: alles wat ons het. Christus het alles vir ons gegee, so dit is ons nuwe standaard.

Terwyl ons ons harte ondersoek, mag ons mense wees wat bereid is om alles vir Christus te gee. Mag ons diegene in nood sien en nie weerhou wanneer ons kan help nie. Ons kan vertrou dat God in ons behoeftes sal voorsien en vir ons sal voorsien selfs wanneer ons alles weggee ter wille van sy koninkryk.

## LEES

*Week 4 • Donderdag*

*Lukas 6:38*

Gee, en vir julle sal gegee word: ‘n goeie maat, ingestamp, geskud en propvol, sal hulle in julle hande gee. Met die maat waarmee julle meet, sal ook vir julle gemeet word.”

*2 Korintiërs 9:7*

Elkeen moet gee soos hy hom in sy hart voorgeneem het, nie met teensin of uit dwang nie, want God het die blymoedige gewer lief.

## SOAP

*Week 4 • Donderdag*

**SOAP** / *2 Korintiërs 9:7*
**SCRIPTURE** / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

**OBSERVATION** / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 4 • Donderdag*

### SOAP

*2 Korintiërs 9:7*

*Elkeen moet gee soos hy hom in sy hart voorgeneem het, nie met teensin of uit dwang nie, want God het die blymoedige gewer lief.*

### OORDENKING

Liefdadigheid is nie ‘n maklike praktyk nie. Terwyl vas baie dissipline verg aangesien ons kies om nie te eet wanneer ons kan eet, of kies om nie deel te neem aan iets wat ons het nie, is liefdadigheid ‘n ware leegmaak van ons hulpbronne. In hierdie aardse lewe kry ons dalk niks terug nie.

Die doel van ‘n seisoen van vas is om die offer van Christus te onthou. Ons fokus daarop om afleidings en dinge te verwyder wat ons van God af wegtrek. Dan vul ons die leegheid wat ons doelbewus geskep het met Christus, deur gebed, die lees van die Skrif en die beoefening van ander geestelike dissiplines. Wanneer ons ons bekeer, sien ons die gewig van ons sondes en die vryheid wat ons in Christus gegee is.

Liefdadigheid is ‘n uitdrukking van hierdie vryheid wat ons in Christus het. Ons is nie meer gebonde aan die bekommernisse van die wêreld nie; ons is vry om God te vertrou om in ons behoeftes te voorsien en vir ons te voorsien. Dit is ‘n manier waarop ons ons dankbaarheid uitspreek vir wat Christus vir ons gedoen het deur aan Hom terug te gee. Hy het ons op soveel maniere geseën, en deur ons gee, spreek ons ons geloof uit dat dit in elk geval alles Syne is.

As ons harte huiwerig is om te gee, kom ons nader tot God en vra Hom om ons te wys hoekom. Miskien is ons bekommerd dat ons nie sal hê wat ons benodig nie. Miskien sukkel ons met sonde en ‘n liefde vir geld. Wat dit ookal is, God wil dit aan ons openbaar. Hy kan ons harte bevry van die liefde vir geld as ons Hom daarvoor vra. Sy goedhartigheid is wat ons tot bekering lei, en sy goedhartigheid is wat ons sal lei om te gee. Wanneer ons in sy barmhartigheid, vriendelikheid en deernis glo, sien ons die waarde van liefdadigheid en kan ons met blydskap gee.

## LEES

*Week 4 • Vrydag*

*Psalm 20:3*

Mag Hy u te hulp kom uit die heiligdom, u bystaan uit Sion.

*Spreuke 19:17*

Wie hom oor ‘n arm mens ontferm, gee ‘n lening aan die Here, en Hy sal hom ten volle vergoed.

*Hebreërs 13:16*

Moenie nalaat om goed te doen en mededeelsaam te wees nie, want dít is die offers wat vir God aanneemlik is.

## SOAP

*Week 4 • Vrydag*

SOAP / *Hebreërs 13:16*

SCRIPTURE / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

OBSERVATION / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION /** *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER /** *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 4 • Vrydag*

### SOAP

*Hebreërs 13:16*

*Moenie nalaat om goed te doen en mededeelsaam te wees nie, want dít is die offers wat vir God aanneemlik is.*

### OORDENKING

Deur die geskiedenis van God se mense het Hy hulle gevra om op verskillende maniere opofferings te maak om hulle gehoorsaamheid aan Hom te wys. Terwyl daar tye was dat God se mense daardie opofferings gemaak het en sy opdragte heelhartig gevolg het, was daar ander kere wat hulle hierdie rituele gevolg het sonder om Hom werklik in hulle harte te eer.

God wil nie ons opofferings of, meer spesifiek, ons liefdadigheid hê, as ons harte nie in lyn is met Hom nie. Ons moet nie uit verpligting gee nie, maar uit aanbidding. Liefdadigheid is ʻn manier om onsself leeg te maak sodat ons met meer van Hom gevul kan word. Om te gee is ʻn daad van geloof en ʻn daad van aanbidding, ʻn manier waarop ons vir God en diegene rondom ons kan wys waar ons skat werklik lê.

Alhoewel ons dalk geen persoonlike voordele sien wanneer ons gee nie, het God belowe om ons goeie dade te sien en ons vir elkeen te beloon. Alhoewel ons nie ons beloning in hierdie lewe moet soek nie, het Jesus by verskeie geleenthede gesê dat diegene wat aan sy werk gee, ʻn skat in die hemel opgaar. Dit is die slimste finansiële belegging wat ons kan maak.

Wanneer ons harte in lyn is met God, is ons beter in staat om die doel van gee te herken. God is tevrede met ons opofferings wanneer ons blymoedig gee en wanneer die doel van ons gee is om Hom eer te bring.

Terwyl ons aanhou om onsself leeg te maak in hierdie Lydenstyd , laat ons ons daartoe verbind om so goed as wat ons kan, te gee en God te vra om ons vrygewige harte te gee en ons oë oop te maak vir die behoeftes van ander.

## OORDENKING

*Week 4*

1. *Hoe is liefdadigheid soortgelyk aan vas? Hoe is beide 'n uitdrukking van geloof?*

........................................................................................................................................................

........................................................................................................................................................

........................................................................................................................................................

2. *Hoe kan ons seker wees dat God in ons behoeftes sal voorsien? Hoe toon om getrou te gee ons geloof?*

........................................................................................................................................................

........................................................................................................................................................

........................................................................................................................................................

3. *Waarom is die kruis ons nuwe standaard van gee?*

........................................................................................................................................................

........................................................................................................................................................

........................................................................................................................................................

4. *Voel jy huiwerig om te gee? Wat is 'n paar moontlike redes hiervoor?*

........................................................................................................................................................

........................................................................................................................................................

........................................................................................................................................................

5. *Wat is die regte houding van ons harte wanneer ons gee? Hoekom is dit belangrik?*

........................................................................................................................................................

........................................................................................................................................................

........................................................................................................................................................

*Here my God, ek
het na U geroep om
hulp en U het my
gesond gemaak.
Here, U het my
gered van die
doderyk, my aan
die lewe gehou toe
ek al op pad was
na die dood toe.*

*Psalm 30:3-4*

## BID

*Skryf jou gebedsversoeke en lofprysings vir die week neer.*

## WEEKLIKSE UITDAGINGS

*Soos ons nader aan die viering van Paasfees kom moet ons tyd neem om na te dink oor die gewig van ons sonde en die betekenis van Christus se offer. Spandeer hierdie week tyd om God te dank dat Hy Jesus gestuur het om die straf vir jou sonde te betaal. Dink na oor al die maniere waarop Hy jou uit die duisternis gered het, hetsy van sonde, of beproewinge, of moeilikheid en loof Hom vir sy reddingswerk in jou lewe.*

## LEES

*Week 5 • Maandag*

*Psalm 30*

'n Psalm. 'n Lied vir die inwyding van die tempel. Van Dawid. 2 Ek wil u lof
verkondig, Here, want U het my gered en my vyande nie laat bly wees oor my
nie. 3 Here my God, ek het na U geroep om hulp en U het my gesond gemaak.
4 Here, U het my gered van die doderyk, my aan die lewe gehou toe ek al op
pad was na die dood toe. 5 Sing tot eer van die Here, julle wat Hom getrou dien,
loof sy heilige Naam! 6 Waarlik, sy toorn duur net 'n oomblik, maar sy goedheid
lewenslank. Gisteraand was daar nog trane en vanmôre lag ek al weer. 7 Toe dit
goed gegaan het, het ek wel gesê: "Niks sal my ooit laat wankel nie." 8 Deur u
goedheid het U my op 'n veilige berg laat staan, Here. Maar toe U U aan my
onttrek het, het ek baie bang geword. 9 Ek het na U geroep, Here. Ek het U om
genade gesmeek: 10 "Watter voordeel is daar in my ondergang as ek die graf moet
ingaan? Kan stof U loof? Kan dit u trou verkondig? 11 Luister, Here, en wees
my genadig! Help my, Here!" 12 Ek was in die rou, maar U het my van vreugde
laat dans. U het my rouklere uitgetrek en vir my feesklere aangetrek. 13 Daarom
sal ek sing tot u eer; ek sal nie stilbly nie. Here my God, vir altyd sal ek U loof!

## SOAP

*Week 5 • Maandag*

**SOAP /** *Psalm 30:3-4*
**SCRIPTURE /** *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

**OBSERVATION /** *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 5 • Maandag*

### SOAP

*Psalm 30:3-4*

*Here my God, ek het na U geroep om hulp en U het my gesond gemaak. Here, U het my gered van die doderyk, my aan die lewe gehou toe ek al op pad was na die dood toe.*

### OORDENKING

Hierdie week verskuif ons ons fokus van geestelike dissiplines na die werk van Christus. Triduüm is die naam vir die drie dae wat strek vanaf die Laaste Avondmaal tot Jesus se opstanding. Hierdie week gaan ons na die temas van Triduüm kyk sodat ons die betekenis daarvan kan verstaan en ons harte kan voorberei om hierdie gebeure te vier.

Een doel van die Lydenstyd is om die gewig van sonde en die betekenis van Christus se offer te onthou. Gelukkig, as ons in Christus is, sal ons nie die straf vir ons sondes ervaar nie. Ons sal die gevolge dra, maar Christus het die straf geneem, die dood wat ons verdien het. Hy is ‘n tyd lank deur God verlaat sodat ons vir altyd aanvaar en vergewe kan word wanneer ons ons vertroue in Hom plaas.

Hierdie week se gedeeltes sal ons help om die duisternis waaruit ons gered is, te onthou. Die psalmis in vandag se gedeelte loof God dat Hy hom uit die put gered het. Die doderyk was ‘n verwysing na die ryk van die dooies, ‘n plek waarheen ‘n mens na die dood gegaan het. Die verwysings na die doderyk regdeur die Ou Testament beskryf dikwels hoe God iemand van die dood gered het en hulle gered het toe hulle andersins sonder hoop en hulpeloos was.

Dit is waar van ons. Ons was hulpeloos in ons sondes en sonder hoop. Sonder God se ingryping sou ons vir ewig in die doderyk wees en nooit aan die mag van die dood ontkom nie. Maar Hy het ons gered, uit die graf uit opgetrek. Jesus het in ons plek gesterf en die straf wat ons verdien, geneem. Ons verdien die dood as gevolg van ons sondes, maar as ons geloof in Jesus is, het ons oorwinning oor die dood. Sy reddingswerk aan die kruis het ons uit die doderyk opgetrek, vir altyd uit die hel gered.

## LEES

*Week 5 • Dinsdag*

*Jona 2*

Toe bid Jona daar binne-in die vis tot die Here sy God. 2 Jona het gesê: “In my nood het ek tot die Here geroep, en Hy het my gebed verhoor. Diep in die doderyk het ek hulp gevra, en U, Here, het my gehoor. 3 U het my die diepte ingegooi, diep in die see, en die watermassa het my omring. U het golf na golf oor my laat gaan. 4 Ek het gedink ek het uit u gesig verdwyn, maar tog sal ek weer u heilige tempel aanskou. 5 Die waters het my toegevou, die groot water het my omring, seegras was om my kop gedraai. 6 Ek het afgesak tot by die fondamente van die berge, die aarde het my vir altyd toegesluit. Maar U, Here my God, het my van die dood gered. 7 Toe ek wou vergaan, het ek aan die Here gedink, en my gebed het by U gekom, in u heilige tempel. 8 Dié wat op nuttelose afgode vertrou, verlaat Hom wat liefde aan hulle betoon. 9 Terwyl ek ‘n loflied sing, wil ek aan U ‘n offer bring; wat ek beloof het, sal ek doen. Hulp kom net van die Here af.” 10 Toe beveel die Here die vis, en hy het vir Jona op die vasteland uitgespoeg.

## SOAP

*Week 5 • Dinsdag*

**SOAP** / *Jona 2:2*
**SCRIPTURE** / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

**OBSERVATION** / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

# DAGSTUKKIE

*Week 5 • Dinsdag*

## SOAP

*Jona 2:2*

*"In my nood het ek tot die Here geroep, en Hy het my gebed verhoor. Diep in die doderyk het ek hulp gevra, en U, Here, het my gehoor.*

## OORDENKING

Hierdie week fokus ons op hoe God ons uit die duisternis gered het deur Jesus se werk aan die kruis. Ons het die dood verdien, maar Jesus het die straf wat ons verdien het op Homself geneem. Hy het ons gered uit die dieptes van lyding en pyn. Terwyl ons ons harte vir Paasfees voorberei, is dit belangrik om te onthou dat ons van die hel en die ewige verdoemenis gered is en dat ons redding nodig gehad het omdat ons almal gesondig het. Die vreugde van die opstanding is beperk wanneer ons begrip van die erns van sonde beperk is.

Jona was 'n profeet in Israel. God het hom spesifieke instruksies gegee om vir die stad Nineve te preek en vir hulle te sê om hulle te bekeer. Maar Jona het geweier. Hy was ongehoorsaam aan God en het die ander kant toe gegaan. God het 'n storm gestuur as gevolg van Jona se ongehoorsaamheid, en hy is in die see gegooi. Toe word hy deur 'n groot vis ingesluk.

Na drie dae in die vis, het Jona homself voor God verootmoedig. Hy het besef dat sy ongehoorsaamheid gevolge het en dat God hom van die dood gered het. God het Jona gered deur 'n groot vis te beveel om hom in te sluk.

Jona het verstaan dat God hom gered het, en hy het God geprys. Voordat God die vis beveel het om Jona op die vasteland uit te spoeg, voordat Jona uit die vis uit gered is, het Jona God geprys omdat Hy sy lewe gespaar het.

Jona het die erns van sy sonde besef en waarvan God hom gered het. In sy benoudheid het hy tot God geroep en God het hom geantwoord. Dit maak nie saak waar ons vandag is nie, maak nie saak wat ons gedoen het of hoe ons van God af weggehardloop het nie, ons kan steeds na Hom uitroep. Hy is die God wat red en verlos, selfs uit die donkerste plekke. Hy kan enige situasie verlos en red. Al wat ons hoef te doen is om na Hom uit te roep.

## LEES

*Week 5 • Woensdag*

*Johannes 11:1-44*

‘n Man met die naam Lasarus was siek. Hy was van Betanië, die dorp waar Maria
en haar suster Marta gewoon het. 2 Maria was die vrou wat met reukolie die Here
gesalf en sy voete met haar hare afgedroog het. Dit was haar broer Lasarus wat
siek was. 3 Die susters het iemand na Jesus toe gestuur om te sê: “Here, hy vir wie
U lief is, is siek.” 4 Toe Jesus dit hoor, het Hy gesê: “Hierdie siekte sal nie op die
dood uitloop nie, maar op die openbaring van die wonderbaarlike mag van God,
sodat die Seun van God daardeur verheerlik kan word.” 5 Jesus het vir Marta en
haar suster en Lasarus liefgehad. 6 Nadat Hy gehoor het dat Lasarus siek is, het
Hy egter nog twee dae op die plek gebly waar Hy was. 7 Eers daarna het Hy vir sy
dissipels gesê: “Kom ons gaan terug na Judea toe.” 8 Die dissipels sê toe vir Hom:
“Rabbi, nou die dag nog wou die Jode U stenig, en gaan U weer daarheen?” 9
Jesus het geantwoord: “Is daar nie twaalf uur in ‘n dag nie? As iemand in die dag
loop, struikel hy nie, omdat hy die lig van hierdie wêreld sien. 10 Maar as iemand
in die nag loop, struikel hy, omdat hy nie die lig het nie.” 11 Hierna het Hy vir
hulle gesê: “Ons vriend Lasarus slaap, maar Ek gaan om hom wakker te maak.”
12 Die dissipels sê toe vir Hom: “Here, as hy slaap, sal hy gesond word.” 13 Jesus
het van Lasarus se dood gepraat, maar hulle het gedink Hy praat van die gewone
slaap. 14 Toe sê Jesus vir hulle reguit: “Lasarus is dood, 15 en om julle ontwil is
Ek bly dat Ek nie daar was nie sodat julle in My kan glo. Maar kom ons gaan na
hom toe.” 16 Tomas, wat ook Didimus genoem is, sê toe vir die ander dissipels:
“Kom ons gaan ook, sodat ons saam met Hom kan sterwe.” 17 Toe Jesus daar
kom, het Hy gevind dat Lasarus al vier dae in die graf was. 18 Betanië was naby
Jerusalem, omtrent drie kilometer; 19 en baie van die Jode het na Marta en Maria
toe gekom om hulle oor hulle broer te troos. 20 Toe Marta hoor dat Jesus kom,
het sy Hom tegemoet gegaan; maar Maria het in die huis bly sit. 21 Marta sê toe
vir Jesus: “Here, as U hier was, sou my broer nie gesterwe het nie. 22 Maar selfs
nou weet ek dat God U alles sal gee wat U van Hom vra.” 23 Jesus sê toe vir haar:
“Jou broer sal uit die dood opstaan.” 24 Maar Marta sê vir Hom: “Ek weet hy
sal met die opstanding op die laaste dag uit die dood opstaan.” 25 Toe sê Jesus
vir haar: “Ek is die opstanding en die lewe. Wie in My glo, sal lewe, al sterwe hy
ook; 26 en elkeen wat lewe en in My glo, sal in alle ewigheid nooit sterwe nie.
Glo jy dit?” 27 “Ja, Here,” sê sy vir Hom, “ek glo vas dat U die Christus is, die
Seun van God, die Een wat na die wêreld toe moes kom.” 28 Nadat sy dit gesê
het, het sy haar suster Maria gaan roep en saggies vir haar gesê: “Ons Leermeester
is hier, en Hy roep jou.” 29 Toe sy dit hoor, het sy gou opgestaan en na Hom
toe gegaan. 30 Jesus het nog nie in die dorp aangekom nie, maar was nog op die
plek waar Marta Hom ontmoet het. 31 Toe die Jode wat by Maria in die huis was
en haar vertroos het, sien dat sy vinnig opstaan en uitgaan, het hulle agter haar
aangegaan omdat hulle gedink het sy gaan na die graf toe om daar te huil. 32 Toe
Maria daar aankom waar Jesus was en Hom sien, het sy by sy voete gekniel en
vir Hom gesê: “Here, as U hier was, sou my broer nie gesterwe het nie.” 33 Toe
Jesus sien dat Maria huil en dat die Jode wat saam met haar gekom het, ook huil,
het sy gemoed vol geskiet en was Hy aangedaan. 34 Hy vra toe: “Waar het julle
hom begrawe?” Hulle het vir Hom gesê: “Here, kom kyk.” 35 Jesus het gehuil. 36

## LEES

*Week 5 • Woensdag*

Die Jode sê toe: "Kyk hoe lief het hy hom gehad!" 37 Party van hulle het ook gesê: "Kon hy wat die oë van die blinde man genees het, nie ook gemaak het dat hierdie man nie sterwe nie?" 38 Jesus se gemoed het weer vol geskiet toe Hy by die graf kom. Dit was 'n rotsgraf, en daar was 'n klip voor die ingang gerol. 39 Jesus sê toe: "Rol die klip weg." Maar Marta, die suster van die oorledene, sê vir Hom: "Here, hy ruik al, want dit is al die vierde dag." 40 Jesus sê toe vir haar: "Het Ek nie vir jou gesê as jy glo, sal jy die openbaring van die wonderbaarlike mag van God sien nie?" 41 Hulle het toe die klip weggerol. Jesus het opgekyk boontoe en gesê: "Vader, Ek dank U dat U My verhoor het. 42 Ek weet dat U My altyd verhoor, maar Ek sê dit ter wille van die mense wat hier rondom staan, sodat hulle kan glo dat U My gestuur het." 43 Nadat Hy dit gesê het, roep Hy met 'n harde stem: "Lasarus, kom uit!" 44 Die oorledene het uitgekom. Sy hande en sy voete was nog toegedraai met grafdoeke en sy gesig toegebind met 'n kopdoek. Jesus sê toe vir die mense: "Maak hom los dat hy kan huis toe gaan."

## SOAP

*Week 5 • Woensdag*

SOAP / *Johannes 11:25–26*

SCRIPTURE / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

OBSERVATION / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 5 • Woensdag*

**SOAP**

*Johannes 11:25–26*

*Toe sê Jesus vir haar: "Ek is die opstanding en die lewe. Wie in My glo, sal lewe, al sterwe hy ook; en elkeen wat lewe en in My glo, sal in alle ewigheid nooit sterwe nie. Glo jy dit?"*

**OORDENKING**

Jesus het baie wonderwerke gedoen terwyl Hy op aarde was. Elkeen van hulle het sy mag en gesag getoon. In vandag se verse sien ons hoe Jesus Lasarus uit die dood opwek. In hierdie wonderwerk het hy sy gesag oor dood en lewe bewys. Deur sy krag te toon om die dood om te keer, het Hy sy krag getoon om lewe te gee.

Baie het die wonderwerke gesien, waaronder Maria, Marta, Jesus se dissipels en 'n klomp roubeklaers. Hy het sy opstandingskrag in die openbaar vertoon. Jesus het die mag om nie net dooies op te wek nie, maar ook om die ewige lewe te gee aan almal wat in Hom glo. Jesus het verklaar, "Ek is die opstanding en die lewe" net voordat hy Lasarus opgewek het. Hy het sy mag oor die dood en sy krag om lewe te gee, verkondig, en toe het Hy dit deur hierdie wonderwerk vertoon. Jesus het hierdie wonderteken gedoen sodat baie in Hom sou glo.

Die graf kan nie opweeg teen God se krag nie. Selfs in die dieptes van die duisternis, reik Jesus in. Hy kan enigiets red en verlos en genees en herstel. En nie net dit nie, maar Hy sien die pyn wat ons ervaar en stap saam met ons daarin, soos hy met Maria en Marta gedoen het met hul broer se dood. Al het Jesus geweet wat Hy op die punt was om te doen, het Hy die duisternis en pyn diep gevoel. Maar toe bring Hy lig en lewe.

Wanneer ons al ons hoop op Jesus as die Opstanding en die Lewe plaas, wanneer ons ons vertroue in Hom, die Seun van God plaas, gee hy ons die ewige lewe. Al sal ons eendag fisiese dood beleef, sal ons in Jesus deur die dood oorgaan na 'n heerlike opstanding en die ewige lewe saam met Hom. Die opstanding verander ons ewigheid en ons huidige omstandighede op maniere wat ons nooit kon verwag nie. Al wat ons nodig het om die krag daarvan te ervaar, is geloof in Jesus.

**LEES**

*Week 5 • Donderdag*

*Lukas 15:11-32*

Verder het Jesus gesê: “Daar was ‘n man wat twee seuns gehad het. 12 Die jongste
het vir sy pa gesê: ‘Pa, gee my die deel van die besittings wat my toekom.’ Hy
het toe die goed tussen hulle verdeel. 13 “Nie lank daarna nie het die jongste
seun alles tot geld gemaak en van die ouerhuis af na ‘n ver land toe vertrek. Daar
het hy sy geld verkwis deur losbandig te lewe. 14 Nadat hy alles deurgebring
het, het daar ‘n kwaai hongersnood in daardie land gekom, en ook hy het begin
gebrek ly. 15 Hy het toe sommer by een van die mense van daardie land gaan
bly, en dié het hom na sy plaas toe gestuur om varke op te pas. 16 Daar het hy
gewens hy kon sy honger stil met die peule wat die varke eet, maar niemand het
hom daarvan gegee nie. 17 “Toe kom hy tot inkeer en sê: ‘My pa het wie weet
hoeveel dagloners, en hulle het almal oorgenoeg kos, en hier vergaan ek van die
honger. 18 Ek sal dadelik na my pa toe teruggaan en vir hom sê: Pa, ek het teen
God en teen Pa gesondig! 19 Ek is nie meer werd om Pa se seun genoem te word
nie. Behandel my soos een van Pa se dagloners.’ 20 En hy het sonder versuim na
sy pa toe teruggegaan. “Toe hy nog ver aankom, het sy pa hom al gesien en hom
innig jammer gekry. Hy hardloop hom tegemoet, omhels hom en soen hom. 21
Toe sê die seun vir hom: ‘Pa, ek het teen God en teen Pa gesondig. Ek is nie meer
werd om Pa se seun genoem te word nie.’ 22 Maar sy pa roep sy werksmense:
‘Maak gou! Bring klere, die beste, en trek dit vir hom aan; sit vir hom ‘n ring
aan sy vinger en trek vir hom skoene aan! 23 En bring die vetgemaakte kalf, slag
hom, en laat ons eet en feesvier! 24 Hierdie seun van my was dood, en hy lewe
weer; hy was verlore, en ek het hom teruggekry.’ Toe het hulle begin feesvier. 25
“Sy oudste seun was nog in die veld. Toe hy terugkom en naby die huis was, hoor
hy die musiek en die singery. 26 Hy roep toe een van die bediendes nader en vra
hom wat aan die gang is. 27 Die bediende antwoord: ‘U broer het gekom, en u
pa het die vetgemaakte kalf geslag omdat hy hom behoue en gesond teruggekry
het.’ 28 “Toe het die oudste seun kwaad geword en hy wou nie in die huis ingaan
nie. Sy pa gaan toe uit en praat mooi met hom; 29 maar hy antwoord: ‘Kyk, al die
jare werk ek soos ‘n slaaf vir Pa. Nog nooit het ek ‘n opdrag van Pa verontagsaam
nie, en vir my het Pa nog nooit eers ‘n bokkie gegee sodat ek saam met my
vriende kan feesvier nie. 30 Maar nou dat hierdie seun van Pa, wat Pa se goed
met prostitute deurgebring het, terugkom, het Pa vir hom die vetgemaakte kalf
geslag!’ 31 “Toe sê die pa vir hom: ‘Kind, jy is altyd by my, en alles wat ek het, is
ook joune. 32 Maar ons kan tog nie anders as om fees te vier en bly te wees nie,
want hierdie broer van jou was dood, en hy lewe weer; hy was verlore, en ons het
hom teruggekry.’ ”

## SOAP

*Week 5 • Donderdag*

**SOAP** / *Lukas 15:23–24*
**SCRIPTURE** / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

**OBSERVATION** / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 5 • Donderdag*

### SOAP

*Lukas 15:23–24*

*"En bring die vetgemaakte kalf, slag hom, en laat ons eet en feevier! Hierdie seun van my was dood, en hy lewe weer; hy was verlore, en ek het hom teruggekry." Toe het hulle begin feesvier.*

### OORDENKING

Jesus het vir sy dissipels 'n gelykenis vertel van 'n seun wat sy pa se huis verlaat het. Hierdie seun het niks gedoen om vir sy rykdom te werk nie, want dit was die vader wat hulle groot rykdom verwerf het. Die seun het sy erfporsie geneem en weggegaan. Baie gou het hy al sy geld spandeer en het hy niks gehad om te eet nie. Hy het begin werk in die mees vernederende omstandighede, maar hy was steeds sonder kos. Uiteindelik het hy tot sy besinning gekom en huistoe gegaan.

Met geen verwagting om verwelkom te word nie, het die seun na sy huis teruggekeer en nederig voor sy vader verskyn. Die vader het egter gejubel oor sy seun se terugkeer. Hy het 'n feesmaal voorberei en gejubel dat sy verlore seun uiteindelik by die huis was.

Dit is hoe Jesus ons verwelkom wanneer ons na Hom toe terugkeer. Ons sonde het ons na plekke en dieptes geneem wat ons ons nooit kon indink nie. Maar wanneer ons bekeer en na die Vader toe terugkeer, word ons verwelkom soos hierdie seun verwelkom is. Ons hemelse Vader jubel wanneer ons na Hom toe terugkeer.

Wat 'n glorieryke waarheid om te weet in Jesus is ons gered. Ons het so baie deur Hom ontvang en Hy het al die werk gedoen om dit te verdien. Net soos die seun nie enige van die rykdom verdien het nie en ook nie verdien het om terug verwelkom te word nie, word ons in die familie van God verwelkom en al die rykdom van Christus gegee. Hy het ons verhouding met Hom herstel deur sy genade alleen. Mag ons nederig wees en na Hom toe terugkeer, maak nie saak hoe ver ons weggedwaal het nie.

## LEES

*Week 5 • Vrydag*

*Psalm 22*

Vir die koorleier: op die wysie van "Die wildsbok van die daeraad". 'n Psalm van
Dawid. 2 My God, my God, waarom het U my verlaat en bly U ver as ek om hulp
roep? 3 My God, ek roep bedags en U antwoord nie, ook snags, maar ek kry geen
rus nie. 4 U is tog die Heilige wat woon waar die lofsange van Israel weerklink! 5
Op U het ons voorvaders vertrou. Hulle het vertrou en U het hulle gered. 6 Hulle
het na U om hulp geroep en hulle is bevry; op U het hulle vertrou en hulle is
nie beskaam nie. 7 Maar ek is 'n wurm, nie 'n mens nie. Ek word deur die mense
bespot en deur die volk verag. 8 Almal wat my sien, spot my, hulle steek vir my
tong uit en knik met voldoening die kop en sê: 9 "Laat dit aan die Here oor! Laat
Hý hom red, laat Hý hom bevry as Hy dan so baie van hom hou." 10 U het my
die eerste lewenslig laat sien, my veilig laat rus aan die bors van my moeder. 11
Van my geboorte af is ek onder u sorg, van die begin van my lewe af is U my God.
12 Moet tog nie so ver van my af weg bly nie, want die nood is naby en daar is
niemand wat help nie. 13 'n Wreedaardige klomp mense het my omsingel, soos
beeste uit Basan staan hulle my toe. 14 Soos verskeurende, brullende leeus storm
hulle met oop bekke op my af. 15 Ek is soos uitgestorte water, al my bene het
uitmekaar geval, my hart het soos was geword, dit smelt weg in my. 16 Ek is so
min werd soos 'n potskerf, my tong kleef aan my verhemelte, U laat lê my asof ek
dood is. 17 Soos honde omsingel hulle my, die bende misdadigers sak op my toe,
hulle bind my hande en voete vas. 18 Al wat been in my is, kan ek tel; hulle kyk
na my met leedvermaak. 19 Hulle verdeel my klere onder mekaar en trek lootjies
oor my mantel. 20 En U, Here – moet tog nie so ver bly nie, Bron van my krag,
help my tog gou! 21 Red my van die swaard, my kosbare lewe uit die mag van die
honde. 22 Red my uit die bek van die leeu en tussen die horings van die wilde
beeste uit. U het my gebed verhoor! 23 Ek sal tot eer van u Naam getuig in die
gemeente, U in die volle vergadering prys. 24 Julle wat die Here dien, prys Hom!
Vereer Hom, nageslag van Jakob! Betoon Hom eerbied, nageslag van Israel! 25
Die nood van die hulpelose het Hy nie verontagsaam en gering geskat nie, Hom
daarvan nie teruggetrek nie, maar die hulpgeroep na Hom het Hy gehoor. 26 My
loflied in die volle vergadering kom van Hom af, my geloftes sal ek nakom voor
die mense wat Hom dien. 27 By dié offermaaltyd sal die armes genoeg hê om
te eet, en sal dié wat na die wil van die Here vra, Hom prys. Mag hulle lank en
gelukkig lewe. 28 Mense oor die hele wêreld sal die Here erken en hulle tot Hom
bekeer. Alle volke sal Hom as koning erken, 29 want die koningskap behoort aan
die Here; Hy heers oor die volke. 30 Al die rykes van die wêreld sal ook aan dié
maaltyd deelneem en Hom as koning erken, ja, alle mense, sterflik en verganklik,
sal voor Hom kniel. 31 Die nageslag sal Hom dien, en hulle sal van die Here
vertel aan die volgende geslag. 32 Dié sal dan aan die volk wat nog gebore moet
word van hierdie verlossingsdaad getuig: die Here het dit gedoen.

## SOAP

*Week 5 • Vrydag*

SOAP / *Psalm 22:20*

SCRIPTURE / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

OBSERVATION / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 5 • Vrydag*

### SOAP

*Psalm 22:20*

*En U, Here - moet tog nie so ver bly nie, Bron van my krag, help my tog gou!*

### OORDENKING

Ons SOAP vers van vandag is ‘n kragtige proklomasie in die middel van ‘n Psalm wat moeilik kan wees om te lees. Soveel onreg gebeur, soveel moeilikheid en lyding! Tog verkondig die Psalmdigter, “En U, Here…”. Hy vertrou op die Here vir sy krag en wag vir God om hom te help.

Die eerste woorde van hierdie Psalm herinner ons aan die angs wat Jesus deurgemaak het toe Hy gekruisig is. Hy het Dawid se woorde uit Psalms 22 gebruik en uitgeroep: “My God, my God, hoekom het U my verlaat?” (Matteus 27:46) Dit is ‘n groot voorreg om die Psalms in die Bybel opgeteken te hê sodat ons dit vandag vrylik kan lees en gebruik in ons weeklag en lyding, wetende dat Jesus aan hierdie selfde woorde gedink het in die oomblik voor sy dood.

Daar is krag en beslis geloof daarin om te verkondig wat ons nie sien of voel nie, maar wat ons weet waar is. As God se volk, heilig en innig geliefd, moet ons geloof hê te midde van beproewinge en lyding om te onthou wie God is en om dit te verkondig. Ons moet dit oor ons moeë, neerslagtige siele spreek en dit oor en aan diegene rondom ons verkondig, insluitende ons geliefdes, families, vriende en gemeenskap.

Mag ons vroue wees wat selfs in ons ergste omstandighede getrou en hoopvol bly. Mag ons altyd ons dierbare Verlosser aan die kruis onthou wat Hom na die Psalms gewend het vir vertroosting tydens die mees ondraaglike pyn en angs en mag ons sy voorbeeld volg en na God se Woord draai in ons pyn, lyding en seisoen van donkerte.

## OORDENKING

*Week 5*

1. *Waarom is dit belangrik om na te dink oor die gewig en betekenis van sonde terwyl ons voorberei om Paasfees te vier?*

.........................................................................................................................................................

.........................................................................................................................................................

.........................................................................................................................................................

2. *Het jy al 'n seisoen beleef waar jy van God gevlug het? Dink na oor hoe God jou herstel het nadat jy na Hom teruggekeer het.*

.........................................................................................................................................................

.........................................................................................................................................................

.........................................................................................................................................................

3. *Wat beteken dit dat Jesus die opstanding en die lewe is, soos Hy in Johannes 11:25 sê? Wat beteken dit vir jou en jou redding?*

.........................................................................................................................................................

.........................................................................................................................................................

.........................................................................................................................................................

4. *Hoe raak die pa se reaksie in die gelykenis van die verlore seun jou? Glo jy dat God jou op dieselfde manier verwelkom? Hoekom of hoekom nie?*

.........................................................................................................................................................

.........................................................................................................................................................

.........................................................................................................................................................

5. *Hoe bring die wete dat Jesus ongelooflik gely het aan die kruis, vir jou troos? Is Hy as gevolg hiervan minder of meer in staat om jou in jou lyding te ontmoet? Hoekom of hoekom nie?*

.........................................................................................................................................................

.........................................................................................................................................................

.........................................................................................................................................................

*Die belangrikste wat ek aan julle oorgelewer het en wat ek ook ontvang het, is dit: Christus het vir ons sondes gesterf, volgens die Skrifte; Hy is begrawe en op die derde dag opgewek, volgens die Skrifte. Hy het aan Sefas verskyn, daarna aan die twaalf,*

*1 Korintiërs 15:3–5*

## BID

*Skryf jou gebedsversoeke en lofprysings vir die week neer.*

.................................................................................................................................................................

.................................................................................................................................................................

.................................................................................................................................................................

.................................................................................................................................................................

.................................................................................................................................................................

.................................................................................................................................................................

.................................................................................................................................................................

.................................................................................................................................................................

.................................................................................................................................................................

.................................................................................................................................................................

.................................................................................................................................................................

.................................................................................................................................................................

.................................................................................................................................................................

## WEEKLIKSE UITDAGINGS

*Terwyl jy voorberei om die opstanding van Christus te vier, dink na oor al die maniere waarop Hy jou lewe verlos het. Neem 'n notaboek of joernaal en skryf deur die week hierdie dinge neer soos dit by jou opkom. Neem tyd op die Paassondag om God te loof en te dank vir sy ongelooflike verlossing in jou lewe, nie net van sonde nie, maar in al hierdie areas wat jy neergeskryf het.*

.................................................................................................................................................................

.................................................................................................................................................................

.................................................................................................................................................................

.................................................................................................................................................................

.................................................................................................................................................................

.................................................................................................................................................................

.................................................................................................................................................................

.................................................................................................................................................................

## **LEES**

*Week 6 • Maandag*

*Lukas 19:28-44*

Nadat Jesus hierdie dinge gesê het, het Hy voor hulle uit geloop, op pad na Jerusalem toe. 29 Toe Hy naby Betfage en Betanië kom, teen die Olyfberg, stuur Hy twee van sy dissipels vooruit met die opdrag: 30 "Gaan na die dorpie toe daar reg voor julle. Net soos julle inkom, sal julle daar 'n jong donkie kry wat vasgemaak staan. Geen mens het nog ooit op hom gery nie. Maak hom los en bring hom hier. 31 En as iemand vir julle vra: 'Waarom maak julle hom los?' moet julle antwoord: Die Here het hom nodig." 32 Die twee wat gestuur is, gaan toe en kry alles net soos Hy vir hulle gesê het. 33 Terwyl hulle die donkie losmaak, vra sy eienaars vir hulle: "Waarom maak julle die donkie los?" 34 Hulle antwoord: "Die Here het hom nodig." 35 Toe bring hulle die donkie na Jesus toe. Daarna gooi hulle van hulle klere op sy rug en help Jesus opklim. 36 Terwyl Hy aanry, het hulle van hulle klere op die pad oopgegooi. 37 Toe Hy naby die stad kom, teen die afdraand van die Olyfberg, het die hele skare juigende volgelinge God uit volle bors begin prys oor al die wonderwerke wat hulle gesien het. 38 Hulle het gesing: "Loof die Koning, Hy wat in die Naam van die Here kom! Vrede in die hemel en eer aan God in die hoogste hemel!" 39 'n Paar Fariseërs uit die skare sê toe vir Jesus: "Meneer, maak stil u volgelinge!" 40 Maar Hy antwoord: "Ek sê vir julle: As hulle stilbly, sal die klippe uitroep." 41 Toe Hy nog nader kom en die stad voor Hom sien, het Hy daaroor gehuil 42 en gesê: "As jy vandag tog wou insien wat vir jou vrede nodig is! Maar nou is jy blind daarvoor. 43 Daar sal dae oor jou kom dat jou vyande vestings teen jou oprig en jou omsingel en jou van alle kante beleër. 44 Hulle sal jou met die grond gelyk maak en jou inwoners uitwis. Hulle sal in jou nie een klip op die ander laat bly nie, omdat jy die betekenis van die tyd toe God gekom het om jou te red, nie besef het nie."

## SOAP

*Week 6 • Maandag*

SOAP / *Lukas 19:38*

SCRIPTURE / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

OBSERVATION / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION /** *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER /** *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

# DAGSTUKKIE

*Week 6 • Maandag*

**SOAP**

*Lukas 19:38*

*Hulle het gesing: "Loof die Koning, Hy wat in die Naam van die Here kom! Vrede in die hemel en eer aan God in die hoogste hemel!"*

**OORDENKING**

Hierdie week gaan ons die kruisverhaal lees wat begin met Jesus se triomfantelike intog in Jerusalem en eindig met sy opstanding. Terwyl Jesus op pad was na Jerusalem het 'n skare hul klere op die pad oopgegeooi en God geprys vir die magtige werke wat hulle gesien het. Hulle was oortuig dat Jesus is wie Hy gesê het Hy is. Hulle was bly omdat hulle beloofde verlosser gekom het. Hulle het sy woorde geglo, geglo dat Hy deur God gestuur is en geglo dat Hy hulle beloofde Messias is.

Tog, na hierdie triomfantlike oomblik skryf Lukas hoe Jesus oor Jerusalem geweën het. Hy het baie wonderwerke gedoen en sommige mense in Israle het geglo en Hom gevolg, maar Jesus het geweën oor Jerusalem en oor die mense wat Hom verwerp het omdat Hy gekom het om al die volerenes te red, insluitende sy eie mense. Baie het egter nie geglo dat Hy die beloofde Messias, die Koning van Israel was nie.

Toe Hy Jerusalem binnegegaan het, het Jesus geweet waarheen Hy oppad was. Hy het geweet dat Hy sy dood en groot lyding in die gesig staar, maar sy hart was by die velorenes. Sy hart was op ons, sondaars, geskei van God en nie in staat om onsself te red nie. Hy alleen verdien al die eer.

Jesus sal nie ophou om jou te soek totdat jy jou geloof in Hom plaas nie. Wat weerhou jou om Hom vandag met jou redding te vertrou en as jy Hom reeds vertrou het om jou sondes te vergewe en vir jou die ewige lewe saam met Hom te gee, wat weerhou jou daarvan om Hom ten volle te vertrou met wat jy ook al vandag in die gesig staar? As Hy bereid was om vir jou sonde te sterf, dink jy nie Hy is bereid om vir jou alles te gee wat jy nodig het vir vandag en môre nie?

**L E E S**

*Week 6 • Dinsdag*

*Johannes 13*

Voor die viering van die paasfees het Jesus reeds geweet dat die tyd vir Hom
gekom het om van hierdie wêreld af na die Vader oor te gaan. Hy het sy eie
mense wat in die wêreld is, liefgehad, Hy het hulle tot die uiterste toe liefgehad.
2 Jesus en sy dissipels was aan tafel. Die duiwel het toe al klaar vir Judas seun van
Simon Iskariot op die gedagte gebring om Jesus te verraai. 3 Jesus het geweet dat
die Vader alles in sy hande gegee het en dat Hy van God gekom het en na God
teruggaan. 4 Toe het Hy van die tafel af opgestaan, sy bokleed uitgetrek en 'n
handdoek gevat en om Hom vasgemaak. 5 Daarna het Hy water in 'n wasskottel
gegooi en begin om sy dissipels se voete te was en dit dan af te droog met die
handdoek wat Hy omgehad het. 6 Toe Hy by Simon Petrus kom, vra dié vir
Hom: "Here, gaan Ú mý voete was?" 7 En Jesus antwoord hom: "Wat Ek doen,
begryp jy nie nóú nie, maar later sal jy dit verstaan." 8 Maar Petrus sê vir Hom:
"U sal in alle ewigheid nooit my voete was nie!" Daarop sê Jesus vir hom: "As
Ek jou nie was nie, het jy nie deel aan My nie." 9 Simon Petrus sê toe vir Hom:
"Here, dan nie net my voete nie, maar ook my hande en my gesig." 10 En Jesus
sê vir hom: "Hy wat klaar gebad het, is heeltemal skoon; hy hoef later niks meer
as sy voete te was nie. En julle is nou skoon, maar nie almal nie." 11 Jesus het
geweet wie Hom sou verraai; daarom het Hy gesê: "Julle is nie almal skoon nie."
12 Toe Hy hulle voete klaar gewas en sy bokleed aangetrek het en weer aangesit
het, sê Hy vir hulle: "Verstaan julle wat Ek vir julle gedoen het? 13 Julle noem
My julle Leermeester en Here, en julle is reg, want Ek is dit. 14 As Ek, wat julle
Here en julle Leermeester is, dan julle voete gewas het, behoort julle ook mekaar
se voete te was. 15 Ek het vir julle 'n voorbeeld gestel, en soos Ek vir julle gedoen
het, moet julle ook doen. 16 Dít verseker Ek julle: 'n Slaaf is nie belangriker as
sy eienaar nie, en 'n gesant ook nie belangriker as die een wat hom gestuur het
nie. 17 Julle weet dit nou; gelukkig is julle as julle dit ook doen." 18 "Ek praat
nie van julle almal nie; Ek weet wie Ek uitgekies het. Maar die Skrif moet vervul
word: 'Hy wat van my brood eet, het My in die rug gesteek.' 19 Ek sê dit nou al
vir julle voordat dit gebeur, sodat wanneer dit gebeur, julle kan glo dat Ek is wat
Ek is. 20 Dit verseker Ek julle: Wie iemand ontvang wat Ek stuur, ontvang My;
en wie My ontvang, ontvang Hom wat My gestuur het." 21 Na hierdie woorde
het Jesus hewig ontsteld geword en openlik verklaar: "Dit verseker Ek julle: Een
van julle sal My verraai." 22 Die dissipels het verslae na mekaar gekyk en nie
geweet wie Hy bedoel nie. 23 Die dissipel vir wie Jesus baie lief was, het net langs
Hom aan tafel gesit. 24 Simon Petrus beduie toe vir hom dat hy moet vra wie dit
is wat Jesus bedoel. 25 Hy leun toe oor na Jesus se kant en vra vir Hom: "Here,
wie is dit?" 26 Jesus het geantwoord: "Dit is die een vir wie Ek 'n stukkie brood
wat Ek in die sous ingesteek het, sal gee." Hy vat toe 'n stukkie brood, steek dit
in die sous en gee dit vir Judas seun van Simon Iskariot. 27 En nadat Judas die
stukkie brood gevat het, het die Satan in hom ingevaar. Toe sê Jesus vir hom:
"Wat jy wil doen, moet jy baie gou doen!" 28 Niemand van die ander wat aan
tafel was, het geweet waarom Hy dit vir hom gesê het nie. 29 Omdat Judas die
beursie gehad het, het party van hulle gedink dat Jesus vir hom sê: "Gaan koop
wat ons vir die paasfees nodig het," of dat hy iets vir die armes moes gaan gee. 30

## LEES

*Week 6 • Dinsdag*

Nadat Judas dan die stukkie brood gevat het, het hy dadelik uitgegaan. Dit was nag. 31 Toe Judas uit is, sê Jesus: "Nou word die Seun van die mens verheerlik, en God word deur Hom verheerlik. 32 En aangesien God deur Hom verheerlik word, sal God self Hom ook verheerlik; en Hy sal Hom binnekort verheerlik. 33 My kinders, Ek is nog net 'n klein rukkie by julle. Dan sal julle My soek, en soos Ek vir die Jode gesê het, sê Ek nou vir julle ook: Waar Ek heen gaan, kan julle nie kom nie. 34 Ek gee julle 'n nuwe gebod: julle moet mekaar liefhê. Soos Ek julle liefhet, moet julle mekaar ook liefhê. 35 As julle mekaar liefhet, sal almal weet dat julle dissipels van My is." 36 Simon Petrus vra toe vir Hom: "Here, waarheen gaan U?" Jesus het hom geantwoord: "Waarheen Ek gaan, kan jy My nie nou volg nie, maar later sal jy My volg." 37 Toe sê Petrus vir Hom: "Here, hoekom kan ek U nie nou volg nie? Ek sal my lewe vir U aflê." 38 "Sal jy jou lewe vir My aflê?" vra Jesus. "Dít verseker Ek jou: Nog voor die haan kraai, sal jy My drie keer verloën."

## SOAP

*Week 6 • Dinsdag*

SOAP / *Johannes 13:34–35*

SCRIPTURE / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

OBSERVATION / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

APPLICATION / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

PRAYER / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 6 • Dinsdag*

### SOAP

*Johannes 13:34–35*

*"Ek gee julle 'n nuwe gebod: julle moet mekaar liefhê. Soos Ek julle liefhet, moet julle mekaar ook liefhê. As julle mekaar liefhet, sal almal weet dat julle dissipels van My is."*

### OORDENKING

Die aand voor sy dood het Jesus 'n maaltyd met sy dissipels gedeel. Hy het verlang om hierdie Pasga saam met sy dissipels te vier en hulle het die kamer en die maaltyd voorberei voor hulle bymekaar gekom het.

Daar was egter meer aan hierdie Paasmaaltyd as wat die dissipels verwag het. Dit was die laaste maaltyd wat hulle saam met Jesus sou deel voordat Hy gekruisig en opgewek word. Baie van die dinge wat Jesus gedurende daardie aand gedoen en gesê het was destyds vreemd vir die dissipels, maar later het hulle verstaan. Jesus het hulle voete gewas en vir hulle gewys hoe hulle mekaar moet dien en lief hê. Hy het Judas uit die huis gestuur wetende wat hy gaan doen. Hy het Petrus se ontkenning voorspel en Hy het vir hulle 'n nuwe verbond gegee, 'n nuwe gebod gebaseer op sy bloed.

Jesus was op die punt om 'n nuwe verbond met die volk te sluit, maar hierdie verbond was anders. Dit was nie afhanklik daarvan dat beide partye hul kant van die ooreenkoms hou nie, maar ten volle van Jesus. Jesus het alles gegee sodat ons die lewe saam met Hom kan hê. As gevolg van wat Hy vir ons gedoen het is ons harte gretig om sy bevele te volg en Hom met ons lewens te eer.

Die nuwe gebod wat Jesus die aand voor sy dood gegee het was om mekaar lief te hê. Ons wys die liefde van Christus op die manier waarop ons liefhet. Soos ons Paasfees nader dink na oor die maniere waarop jy ander liefhet. Sal dit duidelik wees vir iemand wat jy pas ontmoet het dat jy 'n volgeling van Jesus is, uitsluitlik gebaseer op hoe jy ander liefhet? Kom ons vra God om ons harte met sy liefde te vul sodat ons ware volgelinge van Jesus kan wees en sy liefde aan die wêreld kan wys.

## LEES

*Week 6 • Woensdag*

*Johannes 18:1-19:42*

Nadat Jesus dit gesê het, het Hy met sy dissipels oor Kedronspruit gegaan. Daar was 'n tuin, en Hy en sy dissipels het daar ingegaan. 2 Judas, sy verraaier, het ook die plek geken, omdat Jesus en sy dissipels dikwels daar gekom het. 3 Judas het toe die afdeling soldate gevat en die wagte in diens van die priesterhoofde en die Fariseërs en hulle het daar aangekom met lanterns en fakkels en wapens. 4 Omdat Jesus geweet het van alles wat oor Hom gaan kom, het Hy vorentoe gekom en vir hulle gevra: "Vir wie soek julle?" 5 "Jesus van Nasaret," antwoord hulle Hom. "Dit is Ek!" sê Hy toe vir hulle. Judas, sy verraaier, het ook daar by hulle gestaan. 6 Toe Jesus dan vir hulle sê: "Dit is Ek!" het hulle teruggedeins en op die grond neergeval. 7 Hy vra hulle toe weer: "Vir wie soek julle?" En hulle sê: "Jesus van Nasaret." 8 Toe sê Jesus: "Ek het vir julle gesê dit is Ek. As julle My soek, laat die mense hier by My dan toe om weg te gaan." 9 So sou vervul word wat Hy voorheen gesê het: "Van dié wat U My gegee het, het Ek niemand verlore laat gaan nie." 10 Simon Petrus het 'n swaard by hom gehad. Hy ruk dit toe uit, slaan daarmee na die slaaf van die hoëpriester en kap sy regteroor af. Die slaaf se naam was Malgus. 11 Toe sê Jesus vir Petrus: "Sit die swaard in sy skede terug. Moet Ek dan nie die lydensbeker drink wat die Vader My gegee het nie?" 12 Toe het die afdeling soldate onder die kommandant saam met die wagte in diens van die Joodse Raad vir Jesus gevange geneem en Hom geboei. 13 Hulle het Hom eers na Annas toe gebring. Hy was die skoonvader van Kajafas, wat daardie jaar hoëpriester was. 14 Dit was Kajafas wat vir die Jode die raad gegee het dat dit tot hulle voordeel is dat een man vir die volk sterwe. 15 Simon Petrus en 'n ander dissipel het agter Jesus aangegaan. Daardie ander dissipel was aan die hoëpriester bekend en het saam met Jesus in die hoëpriester se woning 16 ingegaan, maar Petrus het buite by die deur bly staan. Toe het daardie ander dissipel wat aan die hoëpriester bekend was, uitgegaan en met die deurwagter gepraat en vir Petrus ingebring. 17 Die diensmeisie wat deurwagter was, sê toe vir Petrus: "Jy is tog nie ook een van hierdie man se dissipels nie?" "Nee, ek is nie!" antwoord hy. 18 Die slawe en die wagte het hulle gestaan en warm maak by die vuur wat hulle gemaak het omdat dit koud was. En Petrus het hom ook saam met hulle gestaan en warm maak. 19 Die hoëpriester het Jesus toe ondervra oor sy dissipels en oor sy leer. 20 Jesus het hom geantwoord: "Ek het in die openbaar met die mense gepraat. Ek het hulle altyd in die sinagoges en in die tempel geleer, waar al die Jode bymekaar kom; en Ek het niks in die geheim gesê nie. 21 Waarom ondervra u My? Ondervra dié wat gehoor het wat Ek vir hulle gesê het. Hulle weet wat Ek gesê het." 22 Toe Jesus dit sê, het een van die wagte wat daarby gestaan het, Hom geklap en gesê: "Antwoord jy die hoëpriester so?" 23 Jesus sê toe vir hom: "As wat Ek gesê het, verkeerd was, sê dan wat was verkeerd; maar as dit reg was, waarom slaan jy My?" 24 Annas het Hom toe geboei na die hoëpriester Kajafas toe gestuur. 25 Simon Petrus het hom nog gestaan en warm maak. Die mense by die vuur vra toe vir hom: "Jy is tog nie ook een van sy dissipels nie?" Hy het dit ontken en gesê: "Nee, ek is nie!" 26 Een van die hoëpriester se slawe wat familie was van die een wie se oor Petrus afgekap het, vra toe: "Het ek jou dan nie in die tuin by hom gesien nie?" 27 Petrus het dit weer ontken, en net daarna het daar 'n haan gekraai.

**LEES**

*Week 6 • Woensdag*

28 Toe het hulle vir Jesus van Kajafas af na die ampswoning van die goewerneur toe gebring. Dit was die môre vroeg. Hulle het self nie in die ampswoning ingegaan nie, sodat hulle nie onrein sou word nie maar die paasmaaltyd sou kon eet. 29 Pilatus het buite na hulle toe uitgegaan en gevra: "Watter aanklag bring julle teen hierdie man in?" 30 Hulle het hom geantwoord: "As hy nie 'n misdadiger was nie, sou ons hom nie aan u uitgelewer het nie." 31 Pilatus sê toe vir hulle: "Vat julle hom en veroordeel hom volgens julle wet." Maar die Jode sê vir hom: "Ons mag nie iemand teregstel nie." 32 Dit het gebeur sodat die woorde van Jesus vervul kon word wat Hy gesê het toe Hy aangedui het op watter manier Hy sou sterwe. 33 Pilatus het toe weer in sy ampswoning ingegaan en Jesus geroep en vir Hom gevra: "Is jý die koning van die Jode?" 34 Jesus het hom toe gevra: "Vra u dit uit u eie, of het ander dit vir u van My gesê?" 35 "Ek is mos nie 'n Jood nie!" antwoord Pilatus. "Dit is jou volk en jou priesterhoofde wat jou aan my uitgelewer het. Wat het jy gedoen?" 36"My koninkryk is nie van hierdie wêreld nie," antwoord Jesus. "As my koninkryk van hierdie wêreld was, sou my onderdane geveg het sodat Ek nie aan die Jode uitgelewer sou word nie. Maar nou is my koninkryk nie van hier nie." 37"Dan is jy tog wel 'n koning?" vra Pilatus. "Dit is soos u sê: Ek is 'n koning," antwoord Jesus. "Ek moet oor die waarheid getuienis aflê. Hiervoor is Ek gebore, en hiervoor het Ek na die wêreld toe gekom. Elkeen wat aan die waarheid behoort, luister na wat Ek sê." 38 "Wat is waarheid?" sê Pilatus toe vir Hom. En toe hy dit sê, gaan hy weer uit na die Jode toe en sê vir hulle: "Ek vind geen skuld in hom nie. 39 Maar julle is gewoond dat ek vir julle gedurende die paasfees iemand loslaat. Wil julle hê ek moet die koning van die Jode vir julle loslaat?" 40 Hulle skreeu toe terug: "Nie vir hom nie, maar vir Barabbas!" En Barabbas was 'n rower. 1 Toe het Pilatus vir Jesus geneem en Hom laat gesel. 2 Die soldate het 'n doringkroon gevleg en dit op sy kop gesit. Hulle het vir Hom 'n pers mantel aangetrek 3 en herhaaldelik nader na Hom toe gekom en gesê: "Ons groet u, Koning van die Jode!" En elke keer het hulle Hom geklap. 4 Pilatus het toe weer buitentoe gekom en vir die Jode gesê: "Kyk, ek bring hom vir julle buitentoe, sodat julle kan weet dat ek geen skuld in hom vind nie." 5 Toe het Jesus buitentoe gekom, nog so met die doringkroon op en die pers mantel aan. Pilatus sê toe vir hulle: "Dit is die mens!" 6 Toe die priesterhoofde en die wagte Hom sien, skreeu hulle: "Kruisig hom! Kruisig hom!" "Vat júlle hom en kruisig hom," sê Pilatus daarop vir hulle, "want ék vind geen skuld in hom nie." 7 Die Jode sê toe vir hom: "Ons het 'n wet, en volgens dié wet moet hy dood, omdat hy hom as die Seun van God voorgedoen het." 8 Toe Pilatus dit hoor, het hy nog banger geword. 9 Hy het weer in sy ampswoning ingegaan en vir Jesus gevra: "Waar kom jy vandaan?" Jesus het hom egter nie geantwoord nie. 10 Pilatus sê toe vir Hom: "Praat jy nie met my nie? Weet jy nie dat ek die mag het om jou los te laat en ook die mag om jou te kruisig nie?" 11 En Jesus antwoord hom: "U sou geen gesag oor My gehad het as dit nie van Bo aan u gegee was nie. Daarom het hy wat My aan u uitgelewer het, groter skuld." 12 Hieroor het Pilatus geprobeer om Hom los te laat; maar die Jode het geskreeu: "As u hom loslaat, is u nie 'n vriend van die keiser nie. Elkeen wat homself as koning voordoen, is in verset teen die keiser." 13 Toe Pilatus dit alles hoor, het hy vir Jesus buitentoe

gebring en op die regbank gaan sit op die plek wat Klipterras genoem word, in Hebreeus Gabbata. 14 Dit was die voorbereiding vir die paasfees, en dit was omtrent twaalfuur die middag. Hy sê toe vir die Jode: "Hier is julle koning!" 15 Maar hulle skreeu: "Vat hom weg! Vat hom weg! Kruisig hom!" Toe vra Pilatus vir hulle: "Moet ek julle koning kruisig?" Die priesterhoofde antwoord: "Ons het nie 'n koning nie; ons het net die keiser." 16 Toe het hy Hom op hulle versoek oorgelewer om gekruisig te word, en hulle het Jesus weggeneem. 17 Jesus het self sy kruis gedra en uitgegaan na Kopbeenplek toe, soos dit genoem is, in Hebreeus Golgota. 18 Daar het hulle Hom gekruisig en saam met Hom twee ander, een aan elke kant, met Jesus in die middel. 19 Pilatus het ook 'n opskrif geskrywe en dit aan die kruis gesit. Daar het geskrywe gestaan: "Jesus van Nasaret, die Koning van die Jode." 20 Baie van die Jode het hierdie opskrif gelees, omdat die plek waar Jesus gekruisig is, naby die stad was. Die opskrif was in Hebreeus, Latyn en Grieks. 21 Die priesterhoofde van die Jode het toe vir Pilatus gesê: "Moenie skrywe: 'Die Koning van die Jode' nie, maar skrywe: Hy het gesê: Ek is die Koning van die Jode." 22 Pilatus het vir hulle gesê: "Wat ek geskrywe het, het ek geskrywe." 23 Toe die soldate Jesus dan gekruisig het, het hulle sy boklere gevat en dit in vier dele verdeel, vir elke soldaat 'n deel. Hulle het ook sy onderkleed gevat. Dit was sonder naat van bo af in een stuk geweef. 24 Hulle sê toe vir mekaar: "Ons moet dit nie skeur nie. Kom ons loot wie dit moet kry." Dit het gebeur sodat die Skrif vervul kan word waar dit sê: "Hulle het my klere onder mekaar verdeel, en vir my kleed het hulle geloot." Dit is wat die soldate gedoen het. 25 By die kruis van Jesus het ook nog sy moeder en sy moeder se suster en Maria, die vrou van Klopas, en Maria Magdalena gestaan. 26 Toe Jesus sy moeder sien en die dissipel vir wie Hy baie lief was, wat by haar staan, sê Hy vir haar: "Daar is u seun." 27 Daarna sê Hy vir die dissipel: "Daar is jou moeder." Van daardie oomblik af het die dissipel haar in sy huis geneem. 28 Hierna het Jesus, met die wete dat alles klaar volbring is en sodat die Skrif vervul kan word, gesê: "Ek is dors." 29 Daar het 'n kan vol suur wyn gestaan. Die soldate het toe 'n spons vol suur wyn op 'n hisoptakkie gesit en dit teen sy mond gehou. 30 Nadat Jesus die suur wyn gekry het, het Hy gesê: "Dit is volbring!" Toe het Hy sy kop vooroor laat sak en die laaste asem uitgeblaas. 31 Dit was Vrydag, en die Jode wou nie hê dat die liggame op die sabbatdag aan die kruis moes bly nie, want daardie sabbatdag was 'n groot dag. Daarom het hulle vir Pilatus gevra dat die mense wat gekruisig is, se bene gebreek en die liggame weggevat moes word. 32 Toe het die soldate gekom en die bene van die eerste een gebreek en ook dié van die tweede een wat saam met Jesus gekruisig is. 33 Toe hulle egter by Jesus kom en sien dat Hy al klaar dood is, het hulle nie sy bene gebreek nie. 34 Maar een van die soldate het met 'n spies in sy sy gesteek, en daar het dadelik bloed en water uitgekom. 35 Hy wat dit gesien het, lê daarvan getuienis af, en sy getuienis is waar. Hy weet dat hy die waarheid praat, sodat julle ook kan glo. 36 Dit het gebeur sodat die Skrif vervul kan word: "Geen been van Hom sal gebreek word nie." 37 En verder sê die Skrif op 'n ander plek: "Hulle sal Hom sien vir wie hulle deurboor het." 38 Hierna het Josef van Arimatea, wat 'n dissipel van Jesus was maar in die geheim, omdat hy vir die Jode bang was, vir Pilatus gevra of hy die

**L E E S**

*Week 6 • Woensdag*

liggaam van Jesus mag neem. Pilatus het sy toestemming gegee. Josef het toe gegaan en sy liggaam weggeneem. 39 Nikodemus, wat 'n keer in die nag na Jesus toe gekom het, het ook gekom en 'n mengsel van omtrent vyftig liter mirre en aalwyn gebring. 40 Hulle het die liggaam van Jesus geneem en dit met die geurolie behandel en in doeke toegedraai, soos dit die gebruik van die Jode was om iemand vir die begrafnis uit te lê. 41 By die plek waar Jesus gekruisig is, was daar 'n tuin en in die tuin 'n nuwe graf waarin daar nog niemand begrawe was nie. 42 Daar het hulle Jesus begrawe, omdat die sabbatdag vir die Jode al amper aangebreek het en die graf daar naby was.

## SOAP

*Week 6 • Woensdag*

SOAP / *Johannes 19:30*
SCRIPTURE / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

OBSERVATION / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 6 • Woensdag*

### SOAP

*Johannes 19:30*

*Nadat Jesus die suur wyn gekry het, het Hy gesê: "Dit is volbring!" Toe het Hy sy kop vooroor laat sak en die laaste asem uitgeblaas.*

### OORDENKING

Het jy al ooit gewonder hoekom ons die Vrydag voor Paasfees, Goeie Vrydag noem? Wanneer ons nadink oor die gebeure van daardie dag, was dit die donkerste, aakligste gebeurtenisse in die geskiedenis. Hoe kan ons dit goed noem?

Jesus was en is die enigste persoon wat ooit bestaan het wat sonder sonde was. Hy het nooit 'n onheilige gedagte gehad nie, nooit 'n onvriendelike woord gespreek nie, nooit met selfsugtige bedoelings opgetree nie. Hy het nooit gejok nie, nooit bedrieg nie, nooit gesteel nie, nooit vermoor nie, nooit begeer nie. En tog is Hy gruwelik behandel, onregverdig skuldig bevind en wreed vermoor. Vandag onthou ons hierdie gebeure op 'n dag wat ons Goeie Vrydag noem.

Maar dit was goed. Jesus se doel om mens te word was om te sterf. Hy het volmaak gelewe en nooit gesondig nie, sodat Hy 'n plaasvervanger kon wees vir die straf wat ons almal verdien het. Hy het die skuld, die straf en die toorn van God namens ons geneem. Hy het gely en gesterf sodat ons nooit die toorn van God hoef te ervaar as ons ons geloof in Hom plaas nie.

Jesus se laaste woorde aan die kruis wys wie Hy is. Jesus se lewe is nie van Hom weggeneem nie; Hy het dit gewillig opgegee. Hy is nie tot onderwerping gedwing of vermoor nie. Jesus het toegelaat dat Hy gearresteer, verhoor, geslaan en gekruisig word om sy doel te vervul: om te sterf sodat ons die ewige lewe saam met Hom kan hê.

Jesus het sy werk voltooi. Hy het die Skrif vervul en Homself aan die wêreld gewys. Hy is die ware Koning. Hy is die Een wat aan ons die lewe bied deur sy dood. Deur sy genade neem Hy ons sondes en gee ons sy regverdigheid. Dit is voorwaar goeie nuus!

## LEES

*Week 6 • Donderdag*

*Matteus 27:62-66*

Die volgende dag, die dag na die Vrydag, het die priesterhoofde en die Fariseërs by
Pilatus gekom 63 en vir hom gesê: "Meneer, ons onthou dat toe daardie bedrieër
nog geleef het, hy gesê het: 'Na drie dae sal ek uit die dood opgewek word.' 64
Gee dan bevel dat die graf drie dae veilig bewaak word, sodat sy dissipels hom
nie dalk kom steel en vir die mense vertel: 'Hy is uit die dood opgewek' nie. Dan
sal die tweede bedrog erger wees as die eerste." 65 Pilatus antwoord hulle: "Hier
is vir julle 'n wag; gaan beveilig die graf so goed as julle kan." 66 Hulle het toe
gegaan en die graf beveilig deur die klip te verseël en die wag daar te laat bly.

## SOAP

*Week 6 • Donderdag*

**SOAP** / *Matteus 27:66*
**SCRIPTURE** / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

**OBSERVATION** / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf ‘n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 6 • Donderdag*

**SOAP**

*Matteus 27:66*

*Hulle het toe gegaan en die graf beveilig deur die klip te verseël en die wag daar te laat bly.*

**OORDENKING**

Baie min is opgeteken oor die Saterdag tussen Jesus se dood en opstanding. Dit was ’n Sabbatsdag, so baie min het gebeur. Daar was nie werk nie, en mense kon nie eens ver van hulle huise af reis nie. Die dissipels mag dalk uit die openbare oog probeer bly het en probeer het om die gebeure van die vorige dag te verwerk en uit te vind wat om volgende te doen.

Die Joodse leiers het egter Jesus se woorde en sy belofte om weer op te staan onthou. Alhoewel hulle Hom nie geglo het nie, het hulle die krag van sy impak verstaan en geweet sy volgelinge is lojaal. Hulle het die Romeinse soldate wagte voor die graf laat sit en die graf met ’n groot klip beveilig.

Hulle het nie geweet wat sou gebeur nie. Wat hulle nie geweet het nie, was wat sou gebeur. Hulle het die graf verseël om te keer dat die dissipels die liggaam steel, maar wat hulle nie verwag het nie, was dat Jesus weer sou opstaan. Terwyl hulle besig was om die graf te verseël, was Jesus besig om die redding te verseël vna diegene wat hul geloof in Hom sou stel. Hy het gesterf en vir ’n tyd lank dood gebly sodat Hy die dood eens en vir altyd kon oorwin.

As ons oor hierdie gebeure reflekteer, kan ons ondersoek hoe ons reageer wanneer God stil lyk. Saterdag sit tusssen die aakligste dag in die geskiedenis en die heerlikste dag in die geskiedenis. Maar niks het gebeur nie. Wanneer ons lewe en omstandighede tussen verwoesting en herstel sit, hoe reageer ons? Dit is nie maklik om geduldig te wag vir verlossing nie, maar hiervan kan ons seker wees: Dieselfde God wat Jesus uit die dood opgewek het, werk altyd. Maak nie saak hoe lank dit neem nie, mag ons volgelinge van Jesus wees wat standvastig bly selfs in die duisternis, onsekerheid en stilte.

## LEES

*Week 6 • Vrydag*

*Johannes 20:1-18*

Die Sondagmôre vroeg, toe dit nog donker was, kom Maria Magdalena by die graf en sien dat die klip van die graf af weggerol is. 2 Sy hardloop toe en gaan na Simon Petrus en na die ander dissipel toe vir wie Jesus baie lief was, en sê vir hulle: "Hulle het die Here uit die graf weggevat, en ons weet nie waar hulle Hom nou begrawe het nie." 3 Petrus en die ander dissipel het toe uitgekom en na die graf toe gegaan. 4 Die twee het saam begin hardloop, maar die ander dissipel het vinniger as Petrus gehardloop en eerste by die graf gekom. 5 Toe hy vooroor buk, sien hy die doeke lê, maar hy het nie ingegaan nie. 6 Ná hom het Simon Petrus ook daar aangekom, en hy het in die graf ingegaan. Hy sien toe die doeke daar lê, 7 ook die doek wat om Jesus se kop was. Dié doek het nie by die ander doeke gelê nie, maar was eenkant afsonderlik opgerol. 8 Daarna het die ander dissipel, wat eerste by die graf gekom het, ook ingegaan, en hy het dit ook gesien en geglo. 9 Hulle het nog nie die Skrif verstaan dat Jesus uit die dood moet opstaan nie. 10 Daarna het die dissipels weer huis toe gegaan. 11 Maar Maria het buite by die graf bly staan en huil. Terwyl sy huil, het sy vooroor gebuk om in die graf in te kyk. 12 Toe sien sy twee engele met wit klere aan daar sit waar die liggaam van Jesus gelê het, een waar die kop en een waar die voete was. 13 Hulle vra toe vir haar: "Mevrou, waarom huil jy?" Sy antwoord hulle: "Omdat hulle my Here weggevat het en ek nie weet waar hulle Hom nou begrawe het nie." 14 Nadat sy dit gesê het, het sy omgedraai en vir Jesus daar sien staan, maar sy het nie geweet dat dit Hy is nie. 15 Jesus vra haar toe: "Mevrou, waarom huil jy? Vir wie soek jy?" Sy het gedink dit is die tuinopsigter, en sy het vir hom gesê: "Meneer, as u Hom weggevat het, sê vir my waar u Hom begrawe het, en ek sal Hom daar gaan haal." 16 Jesus het vir haar gesê: "Maria!" Sy draai na Hom toe en sê in Hebreeus vir Hom: "Rabboeni!" Dit beteken leermeester. 17 Jesus sê toe vir haar: "Moet My nie vashou nie, want Ek het nog nie na die Vader toe opgevaar nie. Maar gaan na my broers toe en sê vir hulle: 'Ek vaar op na my Vader toe, wat ook julle Vader is, na my God, wat ook julle God is.' " 18 Maria Magdalena het toe vir die dissipels gaan sê: "Ek het die Here gesien!" En sy het ook vertel wat Hy vir haar gesê het.

*1 Korintiërs 15:3–5*

Die belangrikste wat ek aan julle oorgelewer het en wat ek ook ontvang het, is dit: Christus het vir ons sondes gesterf, volgens die Skrifte; Hy is begrawe en op die derde dag opgewek, volgens die Skrifte. Hy het aan Sefas verskyn, daarna aan die twaalf,

**S O A P**

*Week 6 • Vrydag*

**SOAP** / *1 Korintiërs 15:3–5*
**SCRIPTURE** / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

**OBSERVATION** / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 6 • Vrydag*

**SOAP**

*1 Korintiërs 15:3-5*

*Die belangrikste wat ek aan julle oorgelewer het en wat ek ook ontvang het, is dit: Christus het vir ons sondes gesterf, volgens die Skrifte; Hy is begrawe en op die derde dag opgewek, volgens die Skrifte. Hy het aan Sefas verskyn, daarna aan die twaalf,*

**OORDENKING**

1 Korintiërs 15:3-5 bied vir ons 'n perfekte samevatting van die werk van Christus. Dit herinner ons aan die fondament van ons geloof: Christus het vir ons sondes gesterf, soos die Skrif voorspel het. Hy is begrawe, wat vir die wêreld gewys het dat Hy waarlik dood was. Op die derde dag is Hy opgewek. Uiteindelik het Hy aan Petrus verskyn en daarna aan die res van die dissipels.

Al het Jesus sy werk aan die kruis voltooi, was sy opstanding God se amptelike seël van goedkeuring vir sy lewe en dood. Dit was die bewys dat Jesus was wie Hy beweer het om te wees en dat sy versoeningsoffer deur God aanvaar is. Vir sy volgelinge om absoluut seker hieroor te wees, het Christus, voordat Hy na die hemel opgevaar het, nie net aan sy dissipels verskyn nie, maar aan baie ander mense. God wou hê ons moet weet dat Jesus tot lewe opgewek is, en as gevolg hiervan sou alles anders wees.

Ons sondes het veroorsaak dat ons vyande van God was. Ons het vir onsself gelewe en Hom geïgnoreer in plaas daarvan om God met ons hele hart lief te hê. Deur sy fisiese liggaam dood te laat maak, het Christus dit alles verander. As gevolg van die dood van Christus is ons met God versoen. Ons word aan Hom voorgestel as heilig, sonder gebrek en onberispelik.

Jesus is opgewek tot nuwe lewe en gee nou dieselfde lewe aan diegene wat in Hom is. Christus het nie net al ons sondes verwyder nie, maar Hy laat ons 'n nuwe geboorte hê, met nuwe begeertes en 'n ware liefde vir God. Hy gee ons 'n nuwe hart en plaas sy Heilige Gees in ons. Soos ons vir Christus lewe, bly ons standvastig, en hou ons vas aan die hoop van die evangelie. Ons is dienaars van Christus, wat die oorwinning en verlossing wat ons in Christus het, aan die wêreld verkondig. Ons kan rus in die waarheid dat die werk van ons verlossing voltooi is. Ons verlosser leef en Hy gaan weer kom.

## OORDENKING

*Week 6*

1. *Wat weerhou jou daarvan om Christus met jou verlossing te vertrou? As jy reeds op Hom vertrou het om jou sondes te vergewe en vir jou die ewige lewe te gee, wat weerhou jou daarvan om Hom ten volle te vertrou met wat jy ook al vandag in die gesig staar?*

.....................................................................................................................................................

.....................................................................................................................................................

.....................................................................................................................................................

2. *Sal dit duidelik wees vir iemand wat jy pas ontmoet het dat jy 'n volgeling van Jesus is, uitsluitlik gebaseer op hoe jy ander liefhet? Hoekom of hoekom nie?*

.....................................................................................................................................................

.....................................................................................................................................................

.....................................................................................................................................................

3. *Waarom is dit betekenisvol dat Jesus sy gees oorgegee het?*

.....................................................................................................................................................

.....................................................................................................................................................

.....................................................................................................................................................

4. *Wanneer jy in die middel van 'n seisoen is waar God stil voorkom, hoe reageer jy? Werk Hy al is Hy stil? Hoe weet jy?*

.....................................................................................................................................................

.....................................................................................................................................................

.....................................................................................................................................................

5. *Waarom is die opstanding van Christus so belangrik?*

.....................................................................................................................................................

.....................................................................................................................................................

.....................................................................................................................................................

# Sluit By Ons Aan

**AANLYN**

*lovegodgreatly.com*
*lovegodgreatly.com/afrikaans*

**JOERNALE**

*lovegodgreatly.com/store*

**FACEBOOK**

*lovegodgreatly*
*lovegodgreatlyafrikaans*

**INSTAGRAM**

*@lovegodgreatlyofficial*
*@lovegodgreatlyafrikaans*

**APP**

*Love God Greatly*

---

**KONTAK ONS**

*info@lovegodgreatly.com*
*lovegodgreatlyafrikaans@gmail.com*

**SKAKEL BY ONS IN**

*#LoveGodGreatly*
*#LoveGodGreatlyAfrikaans*

# VIR JOU

## *Wat ons bied*

Meer as 40 Vertalings
Bybelleesplanne
Aanlyn Bybelstudie
Love God Greatly Toepassing
Meer as 200 Lande Bedien
Bybelstudie Joernale
Gemeenskapsgroepe
Love God Greatly Bybel
Love God Greatly Bybel vir Jong Vroue
Spaanse Love God Greatly Bybel

## *Elke studie sluit in*

Drie Blogplasings per Week
Daaglikse Dagstukkies
Volle Skrifgedeeltes
Weeklikse Memoriseerverse
Weeklikse Uitdagings
Weeklikse Oordenkingsvrae

## *Ander studies*

Die Beloofde Messias
Wapenrusting van God
Van Gebroke na Herstel
Blywende Hoop
Nie Gemaak Om Alleen Te Wees Nie
Hy Sien, Hy Ken, Hy Gee Om
Die God Wat Herstel
Kom, Here Jesus, Kom
Kies God, Nie Die Wêreld Nie
Volkome Oorgawe
Vertrou God Te Midde Van Lyding
Ons Sekuriteit Vir Die Ewigheid
Die Belangrikheid van Gebed
Die Grootste Geskenk
Geloof Bo Perfeksie
In Jesus Is Jy...
Vriendskap
In Die Begin
Die Evangelie van Markus

Verlos van Skaamte
Ewige Verbond
Jesus, Ons Alles
Ken die Liefde
In Sy Krag: Gister en Vandag
Vrees en Angs
Opgestaan
Nader tot God
Saligsprekinge
Ester
Woorde Maak Saak
Wandel in Oorwinning
Laat Reg Geskied, Bewys Liefde En Trou, Lewe Bedagsaam Voor Jou God
Getroue Liefde
Wees Dapper
Verlosser
Beloftes van God
Liefde Sonder Vooroordeel
Waarheid Oorwin

1 & 2 Tessalonisense
Jakobus
Sy Naam Is...
Filippense
1 & 2 Timoteus
Toegewy
Rut
Gebroke en Verlos
Wandel in Wysheid
God Met Ons
Jy is Vergewe
Dawid
Prediker
Name van God
Galasiërs
Psalm 119
1 & 2 Petrus
Gemaak vir Verhoudings
Die Pad na Kersfees
Die Bron van Dankbaarheid
Jy is Geliefd